Graad R-
taalverbeterings-program

# Aktiwiteitsgids

## Kwartaal 4




**Afrikaans**

BY NC SA

Hierdie Konsepgids is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Vertaling en verwerking: Laetitia Bedeker

Afrikaans redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Ontwerp: Jacqui Botha

Afrikaans Setwerk: Lisa Borman van Intheworx Designs

# Inhoud


Voorwoord van die Departementshoof ........ 4

**INLEIDING**

- Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 4 ........ 5
- Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R ........ 6
- Die Huistaal-tweeweek-siklus ........ 7
- Programaktiwiteite is in lyn met die KABV ........ 9

**DINA EN HAAR DIERE**

- Storie ........ 11
- Liedjie en woordeskat uit die storie ........ 12
- Week 1 ........ 13
- Week 2 ........ 20

**THATO EN SY KLEUTERSKOOL**

- Storie ........ 27
- Liedjie en woordeskat uit die storie ........ 28
- Week 1 ........ 29
- Week 2 ........ 36

**BOSBOK SE BESOEKER**

- Storie ........ 43
- Liedjie en woordeskat uit die storie ........ 44
- Week 1 ........ 45
- Week 2 ........ 52

**ZANELE SE STORIE**

- Storie ........ 58
- Liedjie en woordeskat uit die storie ........ 59
- Week 1 ........ 60
- Week 2 ........ 67

**ASSESSERINGS**

- Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys) ........ 75
- Luister en praat Rubriek 1 en 2 ........ 76
- Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3 ........ 77
- Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3 ........ 78

Hoe om speeldeeg en ’n klein boekie te maak ........ 79

Aktiwiteitsbladsye ........ 80

# Voorwoord van die Departementshoof

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT 2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

Dear Teacher/Practitioner

Welcome to the training of the Grade R teachers/practitioners. The Gauteng Department of Education (GDE) has prioritized Early Childhood Development as its Strategic Goal 1. This is to ensure that we can lay a solid foundation and seamless transitioning of learners to Grade 1.

The Grade R Mathematics and Language Improvement Project has been developed to provide the much-needed classroom based support for the Grade R teachers/practitioners in Gauteng. It is about classroom practices with exciting techniques and methodology most appropriate for Grade R Teaching and Learning. This is in response to a study that reported that 65% of children across South Africa have not mastered the skills required to be able to succeed in Literacy and Numeracy when entering Grade 1. This project is intended to support the Grade R practitioners/teachers to address this challenge.

The Department's expectation is that you are ready to learn and be a more empowered Grade R teacher/practitioner. Your commitment to the training process and thereafter the implementation of lessons learnt in your classroom will contribute to the improvement of Grade R learner readiness for Grade 1.

We trust that this intervention will help enhance your potential, innovation and creativity as you lay an important foundation for learning of our children. This project would not have been possible without the support of our partners. The GDE is grateful for the support of the GEDT, Zenex Foundation and USAID who contributed to this initiative.

I trust you will learn a great deal from this training programme and improve the learning experience of the young children in your care.

Yours Sincerely

**MR EDWARD MOSUWE**
**HEAD OF DEPARTMENT**
**DATE:** 3/6/2020

# ★ Inleiding

## Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 4

Die Huistaal-aktiwiteitsgids vir Kwartaal 4 bied ’n struktuur vir die onderrig van Huistaal in die vierde kwartaal van Graad R. Die aktiwiteite is gegrond op stories en is volgens ’n tweeweek-onderrigsiklus vir elke storie gestruktureer.

Jy sal die volgende hierin vind:

- Lys van wat jy vir elke tweeweek-storiesiklus moet voorberei
- Tweeweek-siklus wat die aktiwiteite vir elke dag vir twee weke uiteensit
- Deurlopende assesseringsblad op grond van die kwartaal se aktiwiteite wat gebruik kan word om die leerders se vordering deur die kwartaal op te teken
- Assesseringsrubrieke
- Fotokopieerbare aktiwiteitsblaaie, klein boekies en lettertemplate.

## Hulpbronne

Hier is ’n oorsig van die stories, verwante temas en fokusletters/-klanke vir Kwartaal 4.

| Storie | Tema | Fokusletters/-klanke |
|---|---|---|
| **Dina en haar diere** | Voëls | **d** en **a** |
| **Thato en sy kleuterskool** | Wilde diere | **t** en **i** |
| **Bosbok se besoeker** | Vind inligting oor een wilde dier | **l** en **u** |
| **Zanele se storie** | Sport | **o** en **e** |

Jy sal met verloop van tyd jou eie hulpbronne moet versamel om die program te onderrig. Party word as deel van die program vir jou gegee, party moet jy versamel en party kan jy self maak. Ons stel voor dat jy jou lesse aan die begin van elke week beplan en al die materiale wat jy sal benodig vooruit voorberei. Maak seker dat alles gereed is voordat jy met die lesse begin sodat jy jou tyd met die leerders ten beste kan benut.

### Taalhulpbronpak

Jy sal met elke kwartaal se Aktiwiteitsgids ’n hulpbronpak ontvang wat die volgende bevat:

- Handpoppe vir elke storie
- Opeenvolgende prente vir elke storie
- ’n Groot Boek vir elke storie
- Speletjies en legkaarte (wat jy moet uitknip en voorberei).



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 5 2021/11/28 22:38

### Hulpbronne wat jy moet versamel of koop

- Rekwisiete en kostuums wat met die storie verband hou om tydens storievertelling, voorgee-spel en rolspel te gebruik
- Gedrukte materiaal wat met elke storie verband hou: prenteboeke, winkelbrosjures, tydskrifte, kaarte en plakkate
- Voorwerpe of prentkaarte vir die woordelys vir elke storie
- Voorwerpe vir letterhouers, 'n sak, 'n dobbelsteen en speelmunte, 'n Suid-Afrikaanse vlag
- Speeldeeg of klei
- Groot vetkryte, verf en verfkwaste, skêre, gom, kunsgom, koki-penne en witbordpenne
- A4-papier, kleurpapier, karton en blaaibordpapier
- Afvalmateriale vir kuns- en bou-aktiwiteite: papierborde, voëlsaad of gemengde sade, metaal- en plastiekbotteldoppies, eierhouers, flesdeksels, vilt of stukke lap, leë toiletrolle, plastiekvurke, hoepels, herwonne karton, koerantpapier, roomysstokkies, rekkies, klein pompons of gekleurde balle, jogurtbakkies, sneespapier, leë blikkies, strooitjies, lint of tou, wol (groen, geel, blou, rooi en swart)
- Klein voorwerpe wat met konsonant-vokaal-konsonant gespel word, soos: pen, net, das, lap, tol, bal, gom.

### Voorbereiding vir elke storie

- Versamel rekwisiete vir storievertelling, rolspel en voorgee-spel.
- Maak vir elke leerder 'n fotokopie van die aktiwiteitsblaaie.
- Berei die speletjies en legkaarte voor en bewaar dit in 'n houer.
- Maak speeldeeg en speeldeegmatte (die resep is by die aktiwiteitsblaaie ingesluit).
- Fotokopieer en vou 'n klein boekie vir elke leerder (vind instruksies hiervoor op die aktiwiteitsblaaie).
- Maak twee letterhouers vir elke storie: Vul leë roomysbakke met voorwerpe (of prente van voorwerpe) wat met die spesifieke klank begin. Die **s**-houer sal byvoorbeeld voorwerpe bevat wat met die klank /**s**/ begin. Gebruik die woordelyste om jou te help om items vir die houers te kies. Merk elke letterhouer deur die lettertemplaat daarop te plak. Dit is 'n goeie idee om die template op vilt, sponsrubber of skuurpapier na te trek, sodat die leerders die vorm van elke letter kan voel.

## Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R

Die Huistaal-fokustyd sluit heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir elke dag in. Aktiwiteite word op verskillende maniere georganiseer:

- Die onderwyser gee leiding van voor in die klas.
- Die onderwyser sit met 'n klein groepie om leiding te gee en saam met die leerders te werk.
- Die onderwyser verduidelik 'n aktiwiteit en laat die leerders dan meer onafhanklik in groepe werk.

Die tweeweek-siklus sit die daaglikse aktiwiteite vir twee weke uiteen. Die aktiwiteite is ontwerp om die taal van die storie te ontwikkel en te versterk, en ontwikkel belangrike geletterdheidskonsepte in 'n betekenisvolle storiekonteks. Die struktuur word vir elke tweeweek-siklus herhaal. Hierdie roetine raak bekend en is tot voordeel van sowel die onderwyser as leerders. Onderwysers kry meer selfvertroue om op hierdie manier te onderrig en leerders voel veilig wanneer hulle weet wat van hulle verwag word.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 6 2021/11/28 22:38

# Die Huistaal-tweeweek-siklus

## Week 1

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat** | **Storievertelling en sang** | **Storievertelling en rolspel** | **Opeenvolgende prente** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders hoor die storie vir die eerste keer terwyl hulle nuwe woordeskat leer. | Leerders luister weer na die storie en sing 'n liedjie verbonde aan die storie. | Leerders vertolk verskillende rolle en gebruik die storietaal self terwyl die storie vertel word. | Leerders vertel die storie weer deur prente te gebruik. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 7 2021/11/28 22:38

# Week 2

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Nog opeenvolgende prente** | **Gedeelde lees – Groot Boek** | **Leer om te luister** | **Lees en doen** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders konsolideer hulle storiekennis meer onafhanklik met opeenvolgende prente. | Leerders luister na 'n bekende storie wat vir hulle voorgelees word terwyl die onderwyser die leesproses demonstreer. | Leerders luister goed en volg mondelinge instruksies. | Leerders vertolk geskrewe en prentleidrade. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |

| Klein-groep-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 8 2021/11/28 22:38

# Programaktiwiteite is in lyn met die KABV

Hierdie tabel toon hoe die aktiwiteite van die tweeweek-siklus spesifieke KABV-taalvaardighede ontwikkel, en ook hoe jy hierdie aktiwiteite kan gebruik om leerders se vordering teen KABV-assesseringskriteria te meet.

| Tweeweek-siklus | Heleklas-storiegebaseerde aktiwiteite | KABV-taalvaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| | | | (afgelei van die KABV-assesseringskriteria) | |
| **Week 1**: Maandag | Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat | Luister en praat | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye<br>Vra vrae | |
| Dinsdag | Storievertelling en sang | Luister en praat | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp) | |
| Woensdag | Storievertelling en rolspel | Lees en kyk | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies | |
| Donderdag | Opeenvolgende prente | Luister en praat | | **Luister en praat – Rubriek 1**: Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |
| **Week 2**: Maandag | Nog opeenvolgende prente | Luister en praat<br>Lees en kyk | | **Luister en praat – Rubriek 2**: Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is |
| Dinsdag | Gedeelde lees – Groot Boek | Lees en kyk | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser | |
| Woensdag | Leer om te luister | Luister en praat | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit | |
| Donderdag | Lees en doen | Lees en kyk | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas | |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 9 2021/11/28 22:38

| Tweeweek-siklus | Heleklas-letter- en klank-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Stel 'n klank uit die storie bekend | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Dinsdag | Vorm die letter | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Woensdag | Letterhouers | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Donderdag | Luister vir fokusklanke | Klanke | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 2**: Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde |
| Vrydag | Samesmelting en verdeling | Klanke | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas | |
| **Tweeweek-siklus** | **Kleingroep-aktiwiteite** | **KABV-taal-vaardig-hede** | **Assesseringskontrolelys** | **Assesseringsrubriek** |
| **Week 1 en 2**: Maandag | Teken en ontluikende skryf | Ontluikende skryf | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken<br>Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 2:** Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee<br>**Rubriek 3**: Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels |
| Dinsdag | Legkaarte en speletjies | Klanke<br>Luister en praat | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Woensdag | Selfstandige lees | Lees en kyk | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie<br>Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 3**: Maak eie storie op deur die prente te "lees" |
| Donderdag | Fynmotoriese vaardighede en handskrif | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>Boots bekende letters in eie naam na om skryfwerk voor te stel: boots eie naam na<br>Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens. uit te knip | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Vrydag | Voorgee-spel | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete<br>Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies | |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 10 2021/11/28 22:38

# ★ Dina en haar diere



## Storie



Dina is 'n meisie wat baie lief is vir diere, en diere is ook lief vir haar. Sy woon saam met haar mamma, pappa en boetie. Hulle het 'n bok, twee hoenders en 'n kat. Dina versorg al hulle diere. Dina hou daarvan om die diere voor en ná skool te voer en met hulle te speel. Sy voer selfs die wilde voëls wat naby haar kom sit.

Eendag speel Dina met haar maats by die skool. Sy hoor kinders aan die ander kant van die speelgrond skree en lag. Dina kyk soontoe en sien iets vreesliks. Drie kinders is besig om klippe na 'n paar duiwe te gooi wat kos op die grond soek.

"Hou op!" roep Dina terwyl sy na die drie kinders hardloop. "Moenie dit doen nie! Julle maak die duiwe seer." Dina se maats hardloop saam met haar oor die speelgrond. Die stoute kinders sien hulle aankom en hardloop weg.

Toe die bang duiwe al die geraas hoor, probeer hulle wegvlieg. Dina en haar maats sien dat twee van die duiwe nie kan wegvlieg nie omdat hulle vlerke seergekry het. Dina buk en tel die duiwe versigtig op. Die duiwe is baie bang. "Moenie bang wees nie," sê Dina. "Ek sal julle mooi oppas en julle help om weer gesond te word." Dina besluit om die duiwe saam met haar huis toe te vat.



Daardie aand vertel Dina vir haar mamma en pappa wat by die skool gebeur het. Hulle is kwaad toe hulle hoor dat die kinders die duiwe seergemaak het. Dina sit die duiwe in 'n boks waar sy hulle warm en veilig kan hou. Sy voer hulle en gee vir hulle water. Ná 'n paar dae is hulle vlerke weer gesond en Dina neem hulle buitentoe en laat hulle wegvlieg.

Dina se maats is bly om te hoor dat die twee duiwe weer gesond is en kan vlieg. "Ons is trots op jou, Dina," sê hulle. "Jy is baie gaaf teenoor diere."




"Ek is lief vir diere," sê Dina vir hulle. "Diere is ons vriende. Ons moet hulle beskerm en mooi oppas."

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 11 2021/11/28 22:38

## Liedjie



Dina hou van diere, diere, diere
Dina hou van diere
Sy voer hul elke dag.

Dina red die duiwe, duiwe, duiwe
Dina red die duiwe
En pas hulle mooi op.

Gou word hul gesond, gesond, gesond
Gou word hul gesond
Nou kan hulle weer vlieg!

Diere is ons vriende, vriende, vriende
Diere is ons vriende
Ons moet hul mooi oppas.

*(Sing op die wysie van "Mary had a little lamb" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **dier** | **gaaf** | **versorg** | **seer** | **wilde voël** | **duif** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | warm | veilig | gooi | klip | oppas | vlieg |
| | bang | geraas | beskerm | vlerk | kwaad | versigtig |



# Week 1 Dag 1

**Jy benodig:**

- Storie: *Dina en haar diere*
- Handpoppe: Dina, diere (bok, kat, hoenders), Dina se maats, onvriendelike kind, duiwe
- Rekwisiete: 'n boks, voëlsaad
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Sien julle ooit enige voëls waar julle woon of by die skool? Weet julle watter soort voëls dit is? Het julle enige diere by die huis wat julle versorg?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: As jy 'n boek oor voëls het, kan jy vir hulle 'n foto van 'n duif wys en na sy vlerke en ander liggaamsdele (vere, snawel) wys.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Hoe dink julle het Dina gevoel toe sy sien die kinders gooi klippe na die duiwe? Wat dink julle gaan Dina doen om die duiwe te help?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Dink julle Dina was dapper? Wat dink julle sal julle doen as julle sien dat kinders voëls met klippe gooi?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Dina, diere, duiwe, drie. Kan julle die fokusklank hoor? **D**ina, **d**iere, **d**uiwe, **d**rie. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**d**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**d**/ begin: deksel, donkie, duim, dolfyn, das."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**d**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**d**/ te sê: "**d-d-d**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **d** ("dee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 13 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**d**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**d**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan kloue met hulle hande maak en “**d-d-d-draak**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **d** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, op tot bo en dan weer regaf.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 14 2021/11/28 22:38

# Week 1 Dag 3



**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **d** begin: deksel, donkie, duim, dolfyn, das, druiwe, dinosourus, draad

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra of hulle nog 'n woord kan onthou vir "oppas" (beskerm) en watter woord gebruik is om te beskryf wat met die voëls se vlerke gebeur het (hulle het seergekry). Vra die leerders om vir jou te wys hoe hulle 'n voël versigtig sou optel.
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

Stella sê:



*Gebruik die deksel van die letterhouer met die vilt- of sponsrubberletter daarop om vir die leerders te wys hoe om die letters te voel. Baie leerders sal daarby baat om die letters te voel en na te trek, want dit sal hulle help om die vorms van die letters te onthou.*



### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /**d**/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 15 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Prentkaarte – eindklanke

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*



# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke


1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies twee pare prentkaarte wat met dieselfde klank eindig. Vra vier leerders om voor die mat te gaan staan. Gee vir elke leerder 'n prent om in die lug te hou sodat al die leerders dit kan sien. Vra die leerders om jou te help om die prente te benoem.
2. Sê die naam van elke prent stadig terwyl jy die klanke in die woorde, veral die eindklank, beklemtoon.
3. Vra die leerders om jou te help besluit watter twee prente met dieselfde klank eindig. Die leerders wat hierdie prente vashou, moet langs mekaar gaan staan.
4. Wanneer die leerders gemaklik is met hierdie speletjie, kan jy die volgende probeer: Maak seker dat jy genoeg prente het sodat jy vir elke leerder een kan gee. Verduidelik vir die leerders dat hulle ander leerders moet vind wie se prente dieselfde eindklank het.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 16 2021/11/28 22:38




**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Veer-aktiwiteitsblad** vir elke leerder, vetkryte, skêre, blaaibordpapier, gom
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: meisie, hoenders, wilde, speelgrond, wegvlieg, seergemaak, oppas, buitentoe
- Twee stoele

# Week 1 Dag 5


## Heleklas-aktiwiteite


### Maak, teken en skryf

1 Verduidelik vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n groot voël op blaaibordpapier te maak. Begin deur 'n voël se lyf en kop in die middel van die papier te teken (jy sal dalk twee voëls moet teken).

2 Gee vir elke leerder twee verskillende vere en moedig hulle aan om dit in te kleur en uit te knip. Hulle kan dan hulle skêre gebruik om gleufies langs die kante van die vere te knip.

3 Wys vir die leerders hoe hulle die vere op die voël se lyf op die blaaibordpapier moet vasplak om vlerke aan die linker- en regterkant te maak.





### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1 Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **mei | sie, speel | grond**.

2 Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy "speel" moet sê. Die ander leerder moet "grond" sê.

3 Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord ("speelgrond") te maak.

4 Vra nou die leerders: *"Sê 'speelgrond' sonder om 'speel' te sê."* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde "speel" en "grond" te sê. Vra nou die leerder wat "speel" sê om stil te bly. Vra: *"Wat bly oor? Ja, 'grond'!"* Doen nou die aktiwiteit andersom: *"Wat is 'speelgrond' sonder 'grond'?" (speel)*. Doen hierdie aktiwiteit ook met ander tweelettergrepige woorde.

5 Brei hierdie aktiwiteit uit deur verskillende voëlname te gebruik, byvoorbeeld: mos-sie, a-rend, kraan-voël, kwik-kie, see-meeu.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 17 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Twee **Woordvoël-speletjieborde**<br>• Twee dobbelstene en speelmunte<br>•<br><br>*As die leerders sukkel om die speletjie selfstandig te speel, kan jy dalk 'n paar ouers nooi om met hierdie kleingroep-aktiwiteit te kom help. Speel die speletjie met die ouers voor die skooldag begin sodat hulle met selfvertroue met die leerders kan werk.* | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Plaas die speletjiebord op die mat en laat twee tot drie leerders daarom sit.<br>**2** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Die leerders plaas hulle speelmunte op *Begin*.<br>• Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.<br>• As hulle op 'n letter land, moet hulle die klank sê wat die letter maak en iets noem wat met daardie klank begin.<br>• Die leerder wat eerste by die einde van die bord kom, is die wenner en die speletjie is verby.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 18 2021/11/28 22:38

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Voëlsaad of gemengde sade<br>• Een eierhouer per leerder<br> | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die verskillende sade en grane in die voëlkos moet sorteer.<br>**2** Ná die aktiwiteit kan jy hulle aanmoedig om voëlsaad vir wilde voëls uit te sit en te kyk hoe die voëls die sade eet. |
| • Rekwisiete: sagte speelgoed of prente van troeteldiere, mandjies of bedjies vir die diere, komberse, bakkies, stetoskoop, borsels, halsband, telefoon, doktersinstrumente (byvoorbeeld 'n koorspen), vetkryte of penne vir inspuitings, 'n leë pilhouertjie, verpleër- of doktersklere, 'n notaboek en potlood | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Gesels oor hoe ons dokter toe gaan wanneer ons siek is. Vra die leerders of hulle weet wat ons die spesiale dokter noem waarheen ons siek diere neem (veearts). Verduidelik vir hulle dat hulle gaan voorgee om 'n veearts te wees wat by 'n diereskuiling werk. Diere is dikwels baie bang wanneer hulle veearts toe moet gaan, dus moet die leerders baie saggies en mooi met die diere werk wat die "diereskuiling" besoek.<br>**2** Verduidelik dat 'n mens by die veearts saam met jou troeteldier in die wagkamer moet wag totdat die ontvangsklerk jou roep. Jy kan dan verduidelik wat fout is met jou troeteldier. Die ontvangsklerk sal jou naam neerskryf en vir jou sê wanneer dit jou beurt is om die veearts te sien.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Jy kan byvoorbeeld na die ontvangsklerk stap en sê: *"Hallo, my naam is mev. Zama. Ek het my katjie gebring. Haar naam is Baba. Sy is baie siek."*<br> |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 19 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder
- 'n Fotokopie van die **Swart en wit opeenvolgende prente** vir elke leerder
- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder, skêre, gom

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Vra nou die leerders om die swart en wit prente uit te knip, hulle in die regte volgorde te rangskik en dan op 'n skoon bladsy te plak. Stap in die klas rond en help waar nodig. Hierdie aktiwiteit is nuttig om die leerders se vermoë om die hoofgebeure van die storie in die regte volgorde te plaas, te assesseer.
6. Nadat leerders hulle opeenvolgende prente voltooi het, gee vir elke leerder 'n klein boekie. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".
7. Die leerders kan die boekies of hulle opeenvolgende prente huis toe neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"kat, mamma, pappa, lag, bang, hardloop. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? K**a**t, m**a**mma, p**a**ppa, l**a**g, b**a**ng, h**a**rdloop. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**a**/.*
2. *"Luister nou mooi. Hier is 'n paar woorde wat met /**a**/ begin: appel, agter, altyd, akker, adder, adres, ambulans."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**a**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**a**/ te sê: "**a-a-a**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **a** ("aah"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 20 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Dina en haar diere*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**a**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**a**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle 'n appel hap en "**a-a-a-appel**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **a** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 21 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Voëlgeluide op 'n selfoon
- Prente van verskillende soorte voëls
- Spieëltjie
- Stukke appel in 'n plastiekhouer
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **a** begin: appel, akker, ambulans, agt, albaster, alfabet, almanak, appelkoos, appelliefie, aspersie, asyn

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1 Vra die leerders om in 'n kring te sit en hulle oë toe te maak en mooi te luister of hulle enige voëls buite hoor. Vra die leerders of hulle enige voëlgeluide ken.

2 Die leerders moet mooi luister terwyl jy verskillende voëlgeluide op jou selfoon speel of die geluide van verskillende voëls maak. (Begin met geluide wat hulle waarskynlik sal ken: 'n eend, 'n haan, 'n uil, 'n hoender, 'n hadida.) Moedig die leerders aan om goed te luister en die naam van die voël te probeer raai.

3 Brei hierdie aktiwiteit uit deur die prente van verskillende voëls te bespreek en die prente dan onderstebo in die middel van die kring neer te sit.

4 Een leerder moet 'n prent neem en probeer om die geluid van die voël te maak en die voël te beskryf. Die ander leerders moet raai watter voël op die prent is. Die leerder wat eerste reg raai, kry 'n beurt om 'n prent uit die middel op te tel.

5 Leerders wat skaam is, kan hierdie aktiwiteit in pare doen.

### Letterhouers

1 Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

2 Vra die leerders om die naam van elke voorwerp of prent te sê en die fokusklank te beklemtoon.

3 Sê vir die leerders dat daar wonderlike woorde is wat met die klank /**a**/ begin. Druk jou hand in die plastiekhouer om 'n appelstuk uit te haal en sê: *"**A**brakadabra, wat het ek hier? **A**llamapstieks! Dis 'n **a**llemintige stuk **a**ppel!"*

4 Gee vir elke leerder 'n stuk appel. Hulle moet die fokusklank /**a**/ vir "appel" sê en dan die appel proe – dit is soet, krakerig en sappig.

5 Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

6 Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 22 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Prentkaarte – eindklanke

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Gee vir elke leerder 'n aktiwiteitsblad. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Herinner die leerders dat hulle elke reël gaan "lees" en dan moet doen wat dit sê.
3. Moenie die lys saam met die leerders lees nie, maar moedig hulle aan om die hele lys te lees voordat hulle begin teken.
4. Stap rond terwyl die leerders werk en help waar nodig.
5. Herinner die leerders om die lys te kontroleer wanneer hulle klaar "gelees" en geteken het, en om 'n regmerkie langs elke reël te maak wanneer hulle daardie taak voltooi het.




### Luister vir fokusklanke



1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies twee pare prentkaarte wat met dieselfde klank eindig. Vra vier leerders om voor die mat te gaan staan. Gee vir elke leerder 'n prent om in die lug te hou sodat al die leerders dit kan sien. Vra die leerders om jou te help om die prente te benoem.
2. Sê die naam van elke prent stadig terwyl jy die klanke in die woorde, veral die eindklank, beklemtoon.
3. Vra die leerders om jou te help besluit watter twee prente met dieselfde klank eindig. Die leerders wat hierdie prente vashou, moet langs mekaar gaan staan.
4. Wanneer die leerders gemaklik is met hierdie speletjie, kan jy die volgende probeer: Maak seker dat jy genoeg prente het sodat jy vir elke leerder een kan gee. Verduidelik vir die leerders dat hulle ander leerders moet vind wie se prente dieselfde eindklank het.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 23 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- 'n Vel blaaibordpapier
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: meisie, hoenders, wilde, speelgrond, wegvlieg, seergemaak, oppas, buitentoe
- Twee stoele






# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Verduidelik vir die leerders dat jy hulle hulp benodig om plakkate te maak om oral in die skool op te plak om vir mense te vertel hoekom dit belangrik is om goed te wees vir diere en hulle op te pas.
2. Vra of enigiemand kan onthou wat Dina oor diere gesê het, aangesien dit iets is wat jy dalk op 'n plakkaat kan skryf. Byvoorbeeld: *"Diere is ons vriende. Ons moet hulle beskerm en mooi oppas."*
3. Vra die leerders of hulle dit op 'n plakkaat wil skryf en of hulle enige ander idees het. Byvoorbeeld: Wees goed vir diere. Kyk goed na jou troeteldiere. Moenie diere seermaak nie.
4. Bespreek wat mense moet doen om diere goed op te pas en kom dan ooreen op wat julle gaan skryf. Byvoorbeeld: Maak seker jou troeteldier het elke dag vars water. Troeteldiere moet kos kry, nes jy. Moenie diere met klippe gooi of hulle seermaak nie.
5. Maak 'n paar plakkate met die woorde wat die leerders voorstel. Gee die plakkate vir die leerders sodat hulle dit kan illustreer en plak dit buite die klaskamers op waar almal dit kan sien.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **mei | sie, speel | grond**.
2. Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy "speel" moet sê. Die ander leerder moet "grond" sê.
3. Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord ("speelgrond") te maak.
4. Vra nou die leerders: *"Sê 'speelgrond' sonder om 'speel' te sê."* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde "speel" en "grond" te sê. Vra nou die leerder wat "speel" sê om stil te bly. Vra: *"Wat bly oor? Ja, 'grond'!"* Doen nou die aktiwiteit andersom: *"Wat is 'speelgrond' sonder 'grond'?" (speel)*. Doen hierdie aktiwiteit ook met ander tweelettergrepige woorde.
5. Brei hierdie aktiwiteit uit deur verskillende voëlname te gebruik, byvoorbeeld: mos-sie, a-rend, kraan-voël, kwik-kie, see-meeu.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 24 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Prente van verskillende soorte voëls




</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle goed moet kyk na die prente van verskillende soorte voëls (verskillende kleure, verskillende snawels, kort of lang pote, lang of kort sterte).

**2** Nadat hulle na die prente van die voëls gekyk het, moet hulle 'n voël van hulle keuse teken en versier. Moedig hulle aan om te probeer om byskrifte vir die verskillende dele van die voël te skryf (vlerke, pote, snawel, stert).




</td></tr>
<tr><td>

- Twee **Woordvoël-speletjieborde**
- Twee dobbelstene en speelmunte



*Om hierdie speletjie uit te brei, kan jy al die letterprentkaarte met die regte kant na bo op die tafel neersit sodat die leerders 'n prent moet vind wat met die letter begin waarop hulle geland het.*

</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

**1** Plaas die speletjiebord op die mat en laat twee tot drie leerders daarom sit.

**2** Verduidelik vir die leerders die reëls:

- Die leerders plaas hulle speelmunte op *Begin*.
- Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.
- As hulle op 'n letter land, moet hulle die klank sê wat die letter maak en iets noem wat met daardie klank begin.
- Die leerder wat eerste by die einde van die bord kom, is die wenner en die speletjie is verby.

</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>

***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.

**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.


**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.

**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 25 2021/11/28 22:38

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Voëlvorm-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Groot vetkryte, skêre, gom<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die vorms moet inkleur en uitknip en dit dan op die bladsy moet plak om 'n voël te maak.<br>**2** Vra die leerders om die voël se kloue by te voeg en die agtergrond te teken.<br> |
| • Rekwisiete: sagte speelgoed of prente van troeteldiere, mandjies of bedjies vir die diere, komberse, bakkies, stetoskoop, borsels, halsband, telefoon, doktersinstrumente (byvoorbeeld 'n koorspen), vetkryte of penne vir inspuitings, 'n leë pilhouertjie, verpleër- of dokterklere, 'n notaboek en potlood | ***Aktiwiteit 5: Voorgee-spel***<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het hulle werk by of besoek die veearts by 'n diereskuiling.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 26 2021/11/28 22:38

# ★ Thato en sy kleuterskool



## Storie



Dit is die storie van 'n gawe man met die naam Thato. Thato het 'n veilige plek gemaak waar jong weesdiere kan kom bly. Hy noem sy plek 'n kleuterskool. Die diere wat hierheen gebring word, is wilde diere wat nie ouers het om hulle te versorg nie. Hulle is te klein om na hulself te kyk, en hulle lewens sal in gevaar wees in die veld.


Thato en sy helpers versorg die babadiere totdat hulle sterk genoeg is om weer in die veld te woon. Die helpers kyk goed na die diere. Hulle take is om hulle te voer en warm te hou. As die diere siek is, versorg die helpers hulle en gee vir hulle medisyne as dit nodig is.

Eendag kry Thato nuus. 'n Eenjarige olifant gaan na die kleuterskool toe kom. Sy is siek en maer en hartseer en het nie ouers om haar te versorg nie. Skelms het haar ouers vir hulle tande doodgemaak. Die baba-olifant kom agterop 'n trok tot by die kleuterskool. Thato en 'n helper help die olifant versigtig uit die trok. Hulle besluit om haar Nandi te noem.



Eers wil Nandi nie eet nie en lê net en slaap onder 'n kombers. Thato en sy helpers gee nie moed op nie. Hulle versorg Nandi elke dag en sy raak al sterker. Eendag sê Thato: "Ek dink dit is tyd vir Nandi om buitentoe te gaan en met die ander diere te speel."

Eers is Nandi nog 'n bietjie moeg en stadig, maar sy leer gou hoe om te speel. Haar beste maats is die baba-kameelperd en die nuwe baba-renoster. Hulle speel saam bal. Thato hou hulle dop en lag: "Eendag gaan julle nog sokkerkampioene word!" sê hy.



Al is Nandi baie lief daarvoor om saam met haar maats te speel, geniet sy dit nog meer om in die water te plas! Partykeer spuit sy vir Thato met haar slurp nat. Thato gee nie om nie, want dit is 'n teken dat Nandi nou leer hoe om haar slurp soos ander olifante te gebruik. "Nandi gaan binnekort gereed wees om weer in die veld saam met die ander olifante te woon," dink Thato tevrede.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 27 2021/11/28 22:38


# Liedjie

Môre Thato, môre Helpers
Waar is Nandi dan?
Nandi't met haar maats gaan speel
Daar onder by die dam.

Mooi, Thato, mooi!
Nandi raak weer sterk.
Mooi, Thato, mooi!
Jy doen goeie werk.

Môre Thato, môre Helpers
Nandi, waar is sy?
Nandi het gesond geword
Sy loop daar in die vlei.

Mooi, Thato, mooi!
Nandi word mooi groot.
Mooi, Thato, mooi!
Sy is weer waar sy hoort.



*(Sing op die wysie van "Môre Oompie, Môre Tannie" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **wilde diere** | **ouers** | **weesdier** | **olifant** | **kameelperd** | **renoster** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | sterk | maer | moed | slurp | plas | spuit |
| | helper | medisyne | warm | maats | moeg | stadig |



## Jy benodig:

- Storie: *Thato en sy kleuterskool*
- Handpoppe: Thato, Nandi die olifant, baba-renoster, baba-kameelperd
- Rekwisiete: 'n kombers, 'n bababottel, 'n leë medisynebottel, 'n bal
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

## Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het enige van julle al ooit 'n baba-olifant, 'n baba-kameelperd of 'n baba-renoster in die regte lewe of op televisie gesien? Het julle al ooit 'n dier gevind wat seergekry het of siek is? Wat het julle gedoen om die dier te help?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys. Vra die leerders of hulle al ooit die woord "weeskind" of "weesdier" gehoor het en verduidelik vir hulle dat dit 'n persoon of dier is wat nie ouers het nie.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat dink julle moet Thato en sy helpers doen om die babadiere te versorg? Hoe het Thato en die helpers gevoel toe Nandi sterker geword het? Hoekom het Thato nie kwaad geraak toe Nandi hom met water natgespuit het nie?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Sou julle graag by Thato se kleuterskool wou werk? Hoekom/hoekom nie?"*

## Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Thato, take, tande, trok, teken. Kan julle die fokusklank hoor? **T**hato, **t**ake, **t**ande, **t**trok, **t**eken. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**t**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**t**/ begin: telefoon, tandeborsel, teesakkie, tou, tafel, tent, tamatiesous."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**t**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**t**/ te sê: "**t-t-t**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **t** ("tee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 29 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie





# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter

1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**t**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**t**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle ’n trein is wat sukkel om teen ’n bult uit te kom en “**t-t-t-t**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **t** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol en gaan af en om. Lig op en trek ’n strepie van links en regs.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 30 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **t** begin: telefoon, tandeborsel, teesakkie, tou, tande, tafel, tent, tamatiesous





# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Thato het nie opgehou om Nandi te versorg toe sy net wou slaap en niks wou eet nie. Watter woorde uit die storie beteken hulle het aanhou probeer?"* (Hulle gee nie moed op nie.)
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 31 2021/11/28 22:38

## Jy benodig:

- Groot opeenvolgende prente
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met ’n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Vyf houers, ’n vokaalletter en ’n prentkaart om op elke houer te plak

### Stella sê:



*Hier is ’n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *“Wie sien jy?” (karakters)*
- *“Wat doen hy/sy?” (werkwoorde en aksies)*
- *“Wat sien jy nog?” (kyk weer)*
- *“Waar is die …?” (benoem plekke/posisie)*
- *“Hoekom dink jy …?” (kreatiewe denke, lug menings)*



# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *“Is die prente in die regte volgorde?”*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *“Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?”*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra ’n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Gee vir elke leerder ’n prentkaart. Vra hulle om die prent te benoem en die woord stadig te sê. Die ander leerders moet die vokaalklank in die middel van die woord probeer identifiseer. Byvoorbeeld: Die woord “pan” het die vokaalklank /**a**/.
2. Nadat al die leerders ’n beurt gekry het om hulle prent te benoem en die vokaalklank te identifiseer, wys vir die leerders die vyf houers waarop daar ’n vokaalletter en ’n prentkaart geplak is. Die leerders moet besluit in watter houer hulle hul prentkaart moet sit. Byvoorbeeld: As hulle ’n prent van ’n “pan” het, moet hulle dit in die houer met die /**a**/-klank sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 32 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier
- Prente van wilde diere
- Vir elke leerder: 'n A4-bladsy in drie gevou, 'n strokie herwonne karton in die helfte gevou, twee metaal- of plastiekbotteldoppies, lap vir versiering
- Groot vetkryte, skêre, hout- of kunsgom


# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Wys vir die leerders prente van wilde diere en bespreek hoe hulle lyk: Het hulle kolle (luiperds, jagluiperds, tarentale, kameelperde), strepe (tiere, sebras, slange) of het hulle net een kleur (leeus, olifante, renosters)?
2. Vra nou die leerders om jou te help om die diere in groepe te sorteer. Skryf die woorde "kolle", "strepe" en "een kleur" op velle blaaibordpapier. Gee die leerders 'n kans om 'n dier te kies en dit dan met wondergom onder die regte opskrif te plak.
3. Gee vir elke leerder 'n A4-bladsy wat in drie gevou is. Hulle moet probeer om die opskrifte boaan die bladsy te skryf: kolle, strepe, een kleur. Dan moet hulle twee diere onder elke opskrif teken.





Stella sê:



*Woorde soos "slang" het net een lettergreep, maar jy kan die leerders aanmoedig om dit in klanke (foneme) te verdeel. Byvoorbeeld: slang = s-l-a-ng, bok = b-o-k.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe en foneme)

1. Die leerders moet eers 'n krokodil maak. Hulle moet die strokie karton in die helfte vou en dit versier om soos 'n krokodil te lyk. Hulle kan dan twee botteldoppies aan die binnekant van die strokie plak waar die krokodil se tande sou wees.
2. Die leerders kan die krokodil se mond oop- en toemaak en luister na die klikklank wat deur die "tande" gemaak word.
3. Nadat hulle die krokodil gemaak het, kan hulle dit gebruik om woorde in lettergrepe te verdeel. Byvoorbeeld: kro-ko-dil = drie klikke.
4. Wys vir die leerders prente van wilde diere, benoem die diere en moedig hulle dan aan om vir elke lettergreep te klik: vlak-vark = 2 klikke, o-li-fant = 3 klikke, bob-be-jaan = 3 klikke, re-nos-ter = 3 klikke, see-koei = 2 klikke, slang = 1 klik, bok = 1 klik.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.






Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 33 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Prentkaarte – middelklanke, wat met wondergom om die rand van 'n A3-bladsy of -karton geplak is<br>• Botteldoppies met die vokale binne-in geskryf (As daar vyf prente met 'n "a" is, moet daar vyf botteldoppies met 'n "a" binne-in geskryf wees.)<br>• Haartangetjies (Dit kan gemaak word uit twee roomysstokkies, 'n rekkie en 'n pompon tussen die stokkies.) | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die haartangetjie moet gebruik om 'n botteldoppie-letter op te tel en te kyk of hulle 'n prent kan vind met daardie klank in die middel. Byvoorbeeld: As hulle "**e**" optel, moet hulle 'n prent met 'n /**e**/-klank vind, soos: "bed", "net", "pen" of "hen".<br>**2** Hulle moet dan die doppie op daardie prentkaart neersit. Hulle moet so voortgaan totdat al die prente met 'n doppie bedek is.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 34 2021/11/28 22:38

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • ’n Fotokopie van die **Olifant-aktiwiteitsblad** vir elke leerder, koerantpapier om te skeur, gom, swart koki-penne | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Die leerders moet die koerantpapier in stukkies skeur en dit dan op die olifant plak. Wanneer hulle olifant klaar is, kan hulle die swart koki-pen gebruik om die oor na te trek en ’n oog te teken.<br>**2** Hulle kan die agtergrond versier wanneer hulle klaar is, of hulle kan die olifant uitknip en die hele klas kan ’n trop olifante op ’n vel blaaibordpapier plak.<br>  |
| • Rekwisiete: skinkbord of vlak kartonboks, sand, stokkies om heinings te maak, blou botteldoppies vir water, klippies, blare of takkies om blare te maak, klein stukkies lap vir komberse, plastiek- wilde diere of klein prente van diere op karton geplak | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik vir hulle dat hulle ’n kleuterskool vir weesdiere gaan maak. Hulle moet seker maak dat daar water en kos vir die diere is, en ook skaduwee om hulle koel te hou. Hulle moet ook sorg dat daar ’n heining om die kleuterskool is om die leeus en ander vleisvretende diere weg van die plantvretende diere te hou. Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 35 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder
- 'n Fotokopie van die **Swart en wit opeenvolgende prente** vir elke leerder
- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder, skêre, gom

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

**2** Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

**3** Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

**4** Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

**5** Vra nou die leerders om die swart en wit prente uit te knip, hulle in die regte volgorde te rangskik en dan op 'n skoon bladsy te plak. Stap in die klas rond en help waar nodig. Hierdie aktiwiteit is nuttig om die leerders se vermoë om die hoofgebeure van die storie in die regte volgorde te plaas, te assesseer.

**6** Nadat leerders hulle opeenvolgende prente voltooi het, gee vir elke leerder 'n klein boekie. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".

**7** Die leerders kan die boekies of hulle opeenvolgende prente huis toe neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"versigtig, wil, dink, stadig, binnekort. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? Vers**i**gtig, w**i**l, d**i**nk, stad**i**g, b**i**innekort. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**i**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is 'n paar woorde wat met /**i**/ begin: ink, inligting, inspuiting, interessant."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**i**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**i**/ te sê: "**i-i-i**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **i** ("ie"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 36 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Thato en sy kleuterskool*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**i**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**i**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan "**i-i-i-in**" sê terwyl hulle maak asof hulle binne-in iets spring.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **i** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, en gaan af. Lig en maak 'n kolletjie."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 37 2021/11/28 22:38



**Jy benodig:**

- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat iets wys wat "in/binne-in" is. Byvoorbeeld: 'n kat in 'n boks, 'n mens in 'n tent, 'n kartonboks of hoelahoepel waarin die leerders kan trap, 'n boksie en 'n klippie om te wys die klippie word "in" die boksie gesit

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Die leerders staan in 'n kring en luister mooi terwyl jy vir hulle instruksies gee. Wanneer jy sê "Thato sê", moet hulle doen wat jy sê. As jy nie sê "Thato sê" nie, moet hulle stilstaan. Byvoorbeeld:
   - Thato sê: *"Stamp soos 'n olifant."*
   - Gly soos 'n slang.
   - Thato sê: *"Strek soos 'n leeu."*
   - Thato sê: *"Spring soos 'n springbok."*
   - Sweef soos 'n arend.
   - Thato sê: *"Kou soos 'n kameelperd."*
   - Thato sê: *"Gaap soos 'n seekoei."*
2. Sê nou: *"Ek gaan vir julle 'n paar leidrade gee en julle moet probeer raai aan watter wilde dier ek dink."*
3. Die leerders moet goed na al die leidrade luister voordat hulle raai. Sê vir hulle dat hulle hul hand op hulle kop moet sit as hulle dink hulle weet wat die antwoord is. Byvoorbeeld: *"Ek dink aan 'n dier wat groot en grys is met groot ore en 'n lang neus."*
4. Gaan voort met ander voorbeelde en vra of enige van die leerders wil probeer om leidrade te gee.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent en beklemtoon die woord "in" en die klank /**i**/.
2. Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
3. Vra een van die leerders om in 'n boks of hoelahoepel te tree of te spring en vra die leerders om "**i-i-i-in die boks**" te sê. Gee vir 'n leerder 'n boksie en vra hom/haar om binne-in te kyk om te sien wat daarin is ('n klippie). Hulle moet die fokusklank beklemtoon wanneer hulle die woord "in" sê.
4. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 38 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsbladsye 1 en 2** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Skêre en gom
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met 'n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Vyf houers, 'n vokaalletter en 'n prentkaart om op elke houer te plak



# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Gee vir elke leerder 'n **Lees en doen-aktiwiteitsblad 1** met twee kolomme en 'n **Lees en doen-aktiwiteitsblad 2** met diere.

2 Vra die leerders om na die diere te kyk en te gesels oor wat hulle eet. Byvoorbeeld: Leeus eet vleis, daarom noem ons hulle karnivore. Kameelperde eet blare en bokke eet gras, daarom noem ons hulle herbivore.

3 Vra die leerders om na die **Lees en doen-aktiwiteitsblad 1** met die twee kolomme te kyk en te gesels oor wat hulle sien (simbole, prente en woorde). Wys hulle waar "herbivore" en "karnivore" staan. (Wys na die prent van die blare en gras langs die woord "herbivore" en die prent van die vleis langs die woord "karnivore".)

4 Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke opskrif "lees" en doen wat dit sê.

5 Lees die eerste opskrif saam. Sê vir die leerders om die kameelperd in te kleur en uit te knip. Vra hulle waar hulle dink hulle die kameelperd moet plak (onder die opskrif "herbivore").

6 Vra die leerders om ander prente van herbivore te vind om in te kleur, uit te knip en te plak. Vra of enige leerders die volgende opskrif kan "lees". Hulle moet die diere wat karnivore is, inkleur, uitknip en plak.

7 Die leerders moet voortgaan totdat al die prente in die regte kolom geplak is.

### Luister vir fokusklanke

1 Gee vir elke leerder 'n prentkaart. Vra hulle om die prent te benoem en die woord stadig te sê. Die ander leerders moet die vokaalklank in die middel van die woord probeer identifiseer. Byvoorbeeld: Die woord "pan" het die vokaalklank /**a**/.

2 Nadat al die leerders 'n beurt gekry het om hulle prent te benoem en die vokaalklank te identifiseer, wys vir die leerders die vyf houers waarop daar 'n vokaalletter en 'n prentkaart geplak is. Die leerders moet besluit in watter houer hulle hul prentkaart moet sit. Byvoorbeeld: As hulle 'n prent van 'n "pan" het, moet hulle dit in die houer met die /**a**/-klank sit.

## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 39 2021/11/28 22:38

## Jy benodig:

- Olifant-handpop, blaaibordpapier, afvalpapier/-karton vir byskrifte, swart merkpen
- Groot vetkryte
- Prente van wilde diere
- Vir elke leerder: 'n karton-krokodil wat in Week 1 gemaak is




# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Plak die olifant-handpop of 'n prent van 'n olifant in die middel van die blaaibordpapier.
2. Vra die leerders om interessante feite oor olifante te deel. Jy kan die gesprek stimuleer deur te vra waar olifante woon (in die bos) en wat hulle eet (blare, gras).
3. Vra die leerders of hulle die dele van die olifant se lyf kan benoem. Kies individuele leerders om vorentoe te kom en na die regte liggaamsdeel te wys (kop, lyf, stert, pote, slurp, tande, ore).
4. Sê vir die leerders dat jy hulle hulp benodig om byskrifte vir die prent van die olifant te skryf. Begin deur na die stert te wys en 'n lyn van die stert na die regterkant van die prent te trek. Neem 'n stuk karton en plak dit met wondergom op die papier, langs die lyn wat jy van die stert af getrek het. Vra nou vir die leerders: *"Wie kan my help om te begin om die woord 'stert' te skryf? Ja, dit begin met die klank /**s**/ en dít is hoe ons 'n **s** skryf."* Skryf die res van die woord "stert" sonder om die leerders te vra om elke letter te klank.
5. Gaan voort om byskrifte vir die olifant se kop, lyf, pote, slurp, tande en ore te skryf. Vra die leerders met elke woord wat jy skryf om jou te help om vir die beginklank te luister en skryf die letter dan neer. Onthou om in kleinletters te skryf. Moenie die hele woord klank nie, aangesien baie van hierdie woorde moeilik is om volledig te klank. Fokus net op die beginklank en -letter.
6. Plak die prent met die byskrifte teen die muur op en kyk hoe die leerders die byskrifte begin lees.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe en foneme)

1. Leerders gebruik hulle krokodil om woorde in lettergrepe te verdeel. Byvoorbeeld: kro-ko-dil = 3 klikke.
2. Wys vir die leerders prente van wilde diere, benoem die diere en moedig hulle dan aan om vir elke lettergreep te klik: vlak-vark = 2 klikke, o-li-fant = 3 klikke, bob-be-jaan = 3 klikke, re-nos-ter = 3 klikke, see-koei = 2 klikke, slang = 1 klik, bok = 1 klik.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 40 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Prente van wilde diere, plastiek-wilde diere of boeke met prente van wilde diere<br>• Groot vetkryte | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Die leerders moet na die diere kyk en besluit watter een hulle gunsteling- wilde dier is.<br>**2** Hulle moet 'n prent van daardie dier teken deur die prente waarna hulle gekyk het as riglyn te gebruik. Hulle moet nadink oor waar die dier woon, en blare, bome en gras teken om te wys waar die dier woon en wat die dier graag eet.<br>  |
| • Prentkaarte – middelklanke, wat met wondergom om die rand van 'n A3-bladsy of -karton geplak is<br>• Botteldoppies met die vokale binne-in geskryf (As daar vyf prente met 'n "a" is, moet daar vyf botteldoppies met 'n "a" binne-in geskryf wees.)<br>• Haartangetjies (Dit kan gemaak word uit twee roomysstokkies, 'n rekkie en 'n pompon tussen die stokkies.) | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die haartangetjie moet gebruik om 'n botteldoppie-letter op te tel en te kyk of hulle 'n prent kan vind met daardie klank in die middel. Byvoorbeeld: As hulle "**e**" optel, moet hulle 'n prent met 'n /**e**/-klank vind, soos: "bed", "net", "pen" of "hen".<br>**2** Hulle moet dan die doppie op daardie prentkaart neersit. Hulle moet so voortgaan totdat al die prente met 'n doppie bedek is.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 41 2021/11/28 22:38

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Haartangetjies, gekleurde balletjies of kleurpapier wat in balletjies gerol is of stukkies vilt/lap in verskillende kleure<br>• Prente van wilde diere se gesigte met 'n gat uitgeknip waar die mond is, vasgeplak bo-op jogurtbakkies of klein houertjies | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die haartangetjies moet gebruik om die balletjies op te tel en die diere te voer. Die leeu eet vleis (iets rooi), die kameelperd eet blare (iets groen), die olifant eet ook blare, die apie eet vrugte (iets oranje, geel of pers).<br>  |
| • Rekwisiete: skinkbord of vlak kartonboks, sand, stokkies om heinings te maak, blou botteldoppies vir water, klippies, blare of takkies om blare te maak, klein stukkies lap vir komberse, plastiek- wilde diere of klein prente van diere op karton geplak | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle 'n kleuterskool vir weesdiere gemaak het.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 42 2021/11/28 22:38

# Bosbok se besoeker

## Storie



Eendag was daar ’n bosbok wat in ’n klein houthuisie gewoon het. Bosbok het altyd sy deur oop gelos wanneer hy uitgegaan het. Eendag gaan Bosbok rivier toe om water te drink, en los soos altyd sy deur oop. Toe hy weer terugkom, sien hy die deur is toe. Bosbok is bekommerd, en sê in sy sagte Bosbok-stem: “Wie is in my huis?” Hy luister en wag. Iemand antwoord in ’n diep stem: “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!” Bosbok is baie bang.

Bosbok hardloop om sy vriend, Olifant, te vind. Olifant staan onder ’n boom en swaai sy slurp só (swaai jou arms soos ’n slurp). Bosbok vra: “Olifant, kan jy my help?” Olifant antwoord: “Ja, my vriend, wat is fout?” Bosbok sê: “Daar is iemand in my huis en hy sê hy gaan my opeet.” Olifant en Bosbok stap terug na die huis. Olifant stap op sy stadige Olifant-manier. Bosbok hardloop met sy vinnige Bosbok-spronge. Toe hulle daar kom, sê Olifant in sy stadige Olifant-stem: “Wie is in Bosbok se huis?” Die diep stem antwoord: “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!”

“Ek wil nie in jou huis ingaan nie,” sê Olifant bang. “Ag nee!” sê Bosbok. “Wie kan ons help?” Olifant en Bosbok dink ’n bietjie en sê toe: “Kom ons gaan roep ons dapper vriend, Leeu.” Hulle kry Leeu waar hy op ’n rots in die warm son lê. Olifant roep: “Leeu, Leeu, kan jy ons help?” Leeu antwoord: “Ja, my vriend, wat is fout?” Olifant sê: “Daar is iemand in Bosbok se huis en hy sê hy gaan ons opeet.” Leeu brul hard, staan op en stap op sy trotse Leeu-manier saam na Bosbok se huis.




Toe hulle by die huis kom, sê Leeu in sy harde, kwaai stem: “Wie is in Bosbok se huis?” Weer antwoord die diep stem: “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!” Leeu brul en sê verstom: “Wat? Jy gaan *my* eet – die koning van die diere?” Hulle hoor ’n skuifel-geluid van binne die huis (maak ’n skuifel-geluid met jou voete), en toe ’n giggel-geluid, só (maak ’n giggel-geluid).

Die deur gaan stadig oop en Padda hop uit met ’n groot glimlag. “Verrassing! Dis net ek,” sê Padda. “Ek het julle ’n lekker poets gebak!” Die diere lag en Olifant sê: “Ek is die grootste, maar Leeu, jy is die dapperste! En jy, Padda, is die kleinste en die snaakste van ons almal!” Bosbok sê: “Dankie vir julle hulp, my goeie vriende.”

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 43 2021/11/28 22:38




## Liedjie

Ou Bosbok hardloop huis toe
So haastig, ja so haastig
Ou Bosbok hardloop huis toe
So haastig, ja so haastig
Ou Bosbok hardloop huis toe
Daar is iemand in sy huis!
Wie se diep stem kan dit wees?

Ou Olifant stap huis toe
So stadig, ja so stadig
Ou Olifant stap huis toe
So stadig, ja so stadig
Ou Olifant stap huis toe
Daar is iemand in die huis!
Wie se diep stem kan dit wees?

Ou Leeu draf huis toe
So dapper, ja so dapper
Ou Leeu draf huis toe
So dapper, ja so dapper
Ou Leeu draf huis toe
Daar is iemand in die huis!
Wie se diep stem kan dit wees?

Ou Padda kom daar uit
Al hoppend en al laggend
Ou Padda kom daar uit
Al hoppend en al laggend
Ou Padda kom daar uit
Dit was hy daar in die huis!
Hoera vir die groot en dapper Leeu!



*(Sing op die wysie van "Bobbejaan klim die berg" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **bosbok** | **olifant** | **leeu** | **padda** | **dapper** | **verrassing** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | oop | toe | poets | bang | deur | snaaks |
| | giggel | stadig | vriend | hard | sag | kwaai |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 44 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Storie: *Bosbok se besoeker*
- Handpoppe: Bosbok, Olifant, Leeu, Padda, Bosbok se huis
- Rekwisiete: maskers of kopbande vir elke dier, 'n groot boks of 'n tafel vir Bosbok se huis
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra of enigiemand al wilde diere in 'n wildreservaat of op televisie gesien het. Gesels oor die verskil tussen huisdiere (troeteldiere), plaasdiere en wilde diere.

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys. Wys vir die leerders die handpoppe of prente van die diere uit tydskrifte of boeke. Gesels oor die verskillende maniere waarop diere beweeg. Vra die leerders om soos 'n bosbok te loop (vinnig, rats), soos 'n olifant (met 'n swaaiende slurp) en soos 'n leeu met sy kop omhoog soos 'n koning. (Moenie aan die begin die padda bekendstel nie, anders gaan die leerders weet wat in die storie gaan gebeur!)

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Vir wie dink julle gaan Olifant en Bosbok roep om hulle te help? Wie dink julle is binne-in die huis?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Hoe sal julle voel as 'n maat julle 'n poets bak soos wat Padda gedoen het? Sal julle kwaad wees of lag wanneer julle uitvind dit was 'n poets?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Leeu, lag, los, lê, luister. Kan julle die fokusklank hoor? **L**eeu, **l**ag, **l**os, **l**ê, **l**uister. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**l**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**l**/ begin: lepel, liniaal, leer, lemoen, lekker, lippe, lint, luiperd."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**l**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**l**/ te sê: "**l-l-l**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **l** ("el"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 45 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**l**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**l**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan ’n denkbeeldige suigstokkie suig en “**lllekker**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **l** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol en gaan regaf.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 46 2021/11/28 22:38




**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **l** begin: lepel, liniaal, leeu, leer, lemoen, lekker, lippe, lint, luiperd



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra hulle om iets in 'n **sagte** stem, soos Bosbok s'n, vir 'n maat te sê, en dan in 'n **diep** stem soos Padda s'n toe hy die diere 'n poets gebak het, en dan in 'n **harde, kwaai** stem soos Leeu s'n.
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers



1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /**l**/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 47 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*



Stella sê:



*Onthou dat leerders na die eindklank luister, ongeag van die spelling. Byvoorbeeld: "hand" en "meet" eindig albei op 'n /**t**/-klank.*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

**1** Sing weer die liedjie.

**2** Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.

**3** Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.

**4** Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.

**5** Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*

**6** Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.

**7** Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*

**8** Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.

### Luister vir fokusklanke

**1** Verduidelik vir die leerders dat julle 'n liedjie gaan sing en dat hulle goed na die eindklanke in die woorde moet luister (wysie: *"Mary had a little lamb"*).

- ★ Onderwyser: *"Op watter klank eindig die woorde, eindig die woorde, eindig die woorde? Op watter klank eindig die woorde: bok, rak en mik."* (Onderwyser wys vir leerders om te reageer.)
- ★ Leerders sê die klank waarop die woorde eindig, byvoorbeeld: /**k**/. (Onderwyser wys die duime-op-teken.)
- ★ Onderwyser: *"Die woorde eindig met die klank /**k**/, met die klank /**k**/, met die klank /**k**/. Die woorde eindig met die klank /**k**/: bok en rak en mik."*

**2** Gebruik hierdie woorde vir dié aktiwiteit:

- ★ /**k**/: koek, tak, rok (nog woorde wat met /**k**/ eindig – bak, boek, stok)
- ★ /**g**/: wag, nog, vlag (nog woorde wat met /**g**/ eindig – vrug, nag, reg)
- ★ /**l**/: bal, wol, mol (nog woorde wat met /**l**/ eindig – bel, wil, rol)
- ★ /**n**/: pen, man, plan (nog woorde wat met /**n**/ eindig – son, tien, maan)
- ★ /**p**/: tap, seep, kap (nog woorde wat met /**p**/ eindig – kop, wip, dop)
- ★ /**t**/: kat, boot, plaat (nog woorde wat met /**t**/ eindig – pot, voet, hart)
- ★ /**s**/: ses, gras, mes (nog woorde wat met /**s**/ eindig – bus, huis, glas)
- ★ /**m**/: trom, kam, saam (nog woorde wat met /**m**/ eindig – wurm, pruim, arm)

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 48 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Blaaibordpapier, merkpen
- ’n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: eendag, houthuisie, rivier, oopmaak, opeet, olifant, bosbok, grootste, kleinste, vriende
- Twee stoele

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Sê vir die leerders: *“Vandag gaan ons ons eie storie skryf oor een van die diere in die storie. Kom ons kies oor watter dier ons gaan skryf.”* Wys vir die leerders die prente van die diere in die storie. Kies die dier waaroor julle gaan skryf, en plak die prent van die dier in die middel van die blaaibordpapier.
2. Gebruik die volgende vrae om die storieskryf-proses te lei:
   - Vra die leerders om aan ’n naam vir die dier te dink en skryf die naam neer.
   - Vra die leerders vir idees oor waar die dier woon. Beskryf hierdie plek in ’n sin en skryf dit neer.
   - Bespreek wat hierdie dier graag eet. Skryf dit neer nadat julle hieroor ooreengekom het.
   - Vra die leerders vir idees oor iets wat die dier eendag gedoen het. Kies een van die idees en skryf dit neer.
   - Gesels oor wat volgende gebeur. Skryf die leerders se woorde neer.
   - Bespreek hoe die storie moet eindig. Skryf hierdie sin neer.
3. Lees nou die storie vir die leerders deur die kassies te gebruik om jou te help. As daar tyd is, kan jy ’n paar leerders vra om die storie te illustreer. Plak die blaaibordpapier met die storie teen die muur.

Stella sê:



*Jy kan dit makliker maak deur ’n prent van ’n bosbok in twee dele te knip sodat die leerders ’n visuele voorstelling het van die twee lettergrepe in die woord.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **o | li | fant, bos| bok**.
2. Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy “bos” moet sê. Die ander leerder moet “bok” sê.
3. Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord (“bosbok”) te maak.
4. Vra nou die leerders: *“Sê ‘bosbok’ sonder om ‘bos’ te sê.”* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde “bos” en “bok” te sê. Vra nou die leerder wat “bos” sê om stil te bly. Vra: *“Wat bly oor? Ja, ‘bok’!”* Doen nou die aktiwiteit andersom: *“Wat is ‘bosbok’ sonder ‘bok’?” (bos)*.
5. Brei hierdie aktiwiteit uit deur name van wilde diere te gebruik. Byvoorbeeld: vlak-vark, see-koei, spring-bok, lui-perd, buf-fel, meer-kat, se-bra, jak-kals.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 49 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1


| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • **Handpop-legkaarte**<br>• Storie-handpoppe<br>• A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle eers die legkaarte se stukke volgens die kleur van elke dier moet sorteer. Dan moet hulle die stukke aanmekaar sit om 'n dier uit die storie te vorm. Wys vir hulle party liggaamsdele van die dier (slurp, pote, ore) en verduidelik dat hulle na die handpop moet kyk om te sien hoe die liggaamsdele inmekaar pas.<br>**2** Nadat hulle die dierelegkaarte voltooi het, kan hulle een dier kies om te teken.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 50 2021/11/28 22:38

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>


- Die leeu-handpop of ’n prent van ’n mannetjiesleeu met maanhare
- Vir elke leerder: ’n A5-bladsy, oranje of bruin en geel papier om sirkels te teken en uit te knip, swart vetkryte of koki-penne, ’n toiletrol of ’n A5-bladsy, ronde vorms om na te trek



</td><td>

***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**

1. Wys vir die leerders die leeu-handpop of ’n prent van ’n mannetjiesleeu en vra of enigiemand weet wat ons die hare om ’n leeu se gesig noem (maanhare).
2. Verduidelik vir die leerders dat hulle ’n leeu se gesig met die sirkels papier gaan maak.
3. Hulle moet begin deur twee sirkels uit te knip. Hulle kan ’n blikkie natrek vir ’n groter sirkel, en ’n toiletrol vir ’n kleiner sirkel. Hulle moet dan die kleiner sirkel in die middel van die groter sirkel plak en die leeu se neus, mond, oë en snorbaard teken. Hulle kan dan splete om die rand van die groter sirkel knip om maanhare te maak. Wanneer hulle klaar is, kan hulle die leeu op hulle skoon papier plak, of jy kan hulle help om dit aan ’n toiletrol vas te kram.



</td></tr>
<tr><td>

- Rekwisiete: flitse; kussings; slaapsakke; ’n kamma-kampvuur met stompe en kleurpapier in oranje, geel en rooi om ’n vuur te maak; prente van verskillende dierespore om spore om die tent te maak; ’n kombers of lap om ’n tent te maak; ’n notaboek en potlood om die name van die dieregeluide wat hulle hoor terwyl hulle kamp neer te skryf

</td><td>

***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**

1. Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik vir hulle dat hulle gaan voorgee dat hulle in die aand in ’n wildreservaat gaan kamp. Hulle moet tente met stoele en komberse maak. Party leerders kan voorgee om verskillende diere te wees wat geluide om die kamp maak, byvoorbeeld ’n leeu wat brul en rondsluip, ’n olifant wat blare eet.
2. Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.



</td></tr>
</table>




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 51 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder
- 'n Fotokopie van die **Swart en wit opeenvolgende prente** vir elke leerder
- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder, skêre, gom

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

**2** Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

**3** Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

**4** Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

**5** Vra nou die leerders om die swart en wit prente uit te knip, hulle in die regte volgorde te rangskik en dan op 'n skoon bladsy te plak. Stap in die klas rond en help waar nodig. Hierdie aktiwiteit is nuttig om die leerders se vermoë om die hoofgebeure van die storie in die regte volgorde te plaas, te assesseer.

**6** Nadat leerders hulle opeenvolgende prente voltooi het, gee vir elke leerder 'n klein boekie. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".

**7** Die leerders kan die boekies of hulle opeenvolgende prente huis toe neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"brul, hulle, slurp, hulp. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? Br**u**l, h**u**lle, sl**u**rp, h**u**lp. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**u**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde met /**u**/ binne die woord: bus, mus, bult, kus, julle, blus, kul."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**u**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.


**4** Vra die leerders om die klank /**u**/ te sê: "**u-u-u**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **u** ("u"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 52 2021/11/28 22:38




**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Bosbok se besoeker*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite




### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**u**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**u**/ begin, of met die klank /**u**/ binne die woord.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle sukkel om iets te onthou, en "**u-u-u-u**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **u** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan af, om en weer op. Gaan dan weer af tot onder."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 53 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van 'n bus, mus, bul, vulletjie, nul, kus, hut, put, buffel, bult, kuns, lugballon



# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Maak julle oë toe. Ek gaan 'n geluid maak. Ek wil hê julle moet mooi luister en julle hand in die lug sit as julle weet watter geluid dit is."*

**2** Maak geluide soos om op die tafel te klop, jou hande te klap, 'n klokkie te lui, jou vingers te klik, 'n noot op 'n musiekinstrument te speel. Nadat jy die geluide gemaak en die leerders dit geïdentifiseer het, kan jy 'n volgorde van vyf geluide maak. Herhaal dan die volgorde, maar laat een geluid uit – die leerders moet die ontbrekende geluid identifiseer.

**3** Sê vir die leerders: *"Noudat ons geoefen het om mooi te luister, gaan ek 'n paar woorde sê en julle moet vir my sê watter een pas nie. Luister mooi na al die woorde voordat julle raai. Sit jou hand op jou kop as jy dink jy weet wat die antwoord is."*

- ★ bosbok, padda, sjokolade, leeu (sjokolade is nie 'n dier nie)
- ★ kop, boek, skouer, knie ('n boek is nie 'n liggaamsdeel nie)
- ★ rok, baadjie, skoen, suiker (suiker is nie 'n kledingstuk nie)
- ★ haai, by, walvis, dolfyn ('n by is nie 'n seedier nie)
- ★ wortel, aartappel, stoel, kool ('n stoel is nie 'n groente nie)

### Letterhouers

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent, sê die woord stadig en beklemtoon die /**u**/-klank. Verduidelik vir die leerders dat hulle vir die /**u**/-klank in die middel van die woord moet luister.

**2** Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**3** Kies 'n voorwerp of prent uit die letterhouer sonder om dit vir die leerders te wys. Sê die woord baie stadig en beklemtoon die middelklank (mmm-u-u-u-sss). Vra die leerders om te raai wat jy sê.

**4** Gee vir party leerders 'n voorwerp of prent uit die houer sonder om dit vir die ander leerders te wys. Hulle moet die woord baie stadig sê en kyk of die ander leerders kan raai wat hulle sê.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 54 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Gee vir elke leerder 'n aktiwiteitsblad. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Herinner die leerders dat hulle elke reël gaan "lees" en dan moet doen wat dit sê.
3. Moenie die lys saam met die leerders lees nie, maar moedig hulle aan om die hele lys te lees voordat hulle begin teken.
4. Stap rond terwyl die leerders werk en help waar nodig.
5. Herinner die leerders om die lys te kontroleer wanneer hulle klaar "gelees" en geteken het, en om 'n regmerkie langs elke reël te maak wanneer hulle daardie taak voltooi het.




### Luister vir fokusklanke

1. Verduidelik vir die leerders dat julle 'n liedjie gaan sing en dat hulle goed na die eindklanke in die woorde moet luister (wysie: *"Mary had a little lamb"*).
   - Onderwyser: *"Op watter klank eindig die woorde, eindig die woorde, eindig die woorde? Op watter klank eindig die woorde: bok, rak en mik."* (Onderwyser wys vir leerders om te reageer.)
   - Leerders sê die klank waarop die woorde eindig, byvoorbeeld: /**k**/. (Onderwyser wys die duime-op-teken.)
   - Onderwyser: *"Die woorde eindig met die klank /**k**/, met die klank /**k**/, met die klank /**k**/. Die woorde eindig met die klank /**k**/: bok en rak en mik."*
2. Gebruik hierdie woorde vir dié aktiwiteit:
   - /**k**/: koek, tak, rok (nog woorde wat met /**k**/ eindig – bak, boek, stok)
   - /**g**/: wag, nog, vlag (nog woorde wat met /**g**/ eindig – vrug, nag, reg)
   - /**l**/: bal, wol, mol (nog woorde wat met /**l**/ eindig – bel, wil, rol)
   - /**n**/: pen, man, plan (nog woorde wat met /**n**/ eindig – son, tien, maan)
   - /**p**/: tap, seep, kap (nog woorde wat met /**p**/ eindig – kop, wip, dop)
   - /**t**/: kat, boot, plaat (nog woorde wat met /**t**/ eindig – pot, voet, hart)
   - /**s**/: ses, gras, mes (nog woorde wat met /**s**/ eindig – bus, huis, glas)
   - /**m**/: trom, kam, saam (nog woorde wat met /**m**/ eindig – wurm, pruim, arm)

Stella sê:



*Onthou dat leerders na die eindklank luister, ongeag van die spelling. Byvoorbeeld: "hand" en "meet" eindig albei op 'n /**t**/-klank.*

## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 55 2021/11/28 22:38

Jy benodig:

- Leeu-handpop, blaaibordpapier, afvalpapier/-karton vir byskrifte, swart merkpen
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: eendag, houthuisie, rivier, oopmaak, opeet, olifant, bosbok, grootste, kleinste, vriende
- Twee stoele




# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Plak die leeu-handpop of 'n prent van 'n leeu in die middel van die blaaibordpapier.
2. Vra die leerders om interessante feite oor leeus te deel. Jy kan die gesprek stimuleer deur te vra waar leeus woon (in die bos in Afrika) en wat hulle eet (sebras, rooibokke en ander diere). Stel nuwe woorde bekend, soos: 'n trop leeus, soogdier, welpie, ensovoorts. Jy kan ook vir die leerders wys dat 'n leeumannetjie en -wyfie verskillend lyk.
3. Vra die leerders of hulle die dele van die leeu se lyf kan benoem. Kies individuele leerders om vorentoe te kom en na die regte liggaamsdeel te wys (kop, maanhare, lyf, stert, bene, pote).
4. Sê vir die leerders dat jy hulle hulp benodig om byskrifte vir die prent van die leeu te skryf. Begin deur na die stert te wys en 'n lyn van die stert na die regterkant van die prent te trek. Neem 'n stuk karton en plak dit met wondergom op die papier, langs die lyn wat jy van die stert af getrek het. Vra nou vir die leerders: *"Wie kan my help om te begin om die woord 'stert' te skryf? Ja, dit begin met die klank /**s**/ en dít is hoe ons 'n **s** skryf."* Skryf die res van die woord "stert" sonder om die leerders te vra om elke letter te klank.
5. Gaan voort om byskrifte vir die leeu se kop, maanhare, lyf, bene en pote te skryf. Vra die leerders met elke woord wat jy skryf om jou te help om vir die beginklank te luister en skryf die letter dan neer. Onthou om in kleinletters te skryf. Moenie die hele woord klank nie, aangesien baie van hierdie woorde moeilik is om volledig te klank. Fokus net op die beginklank en -letter.
6. Plak die prent met die byskrifte teen die muur op en kyk hoe die leerders die byskrifte begin lees.

Stella sê:



*Jy kan dit makliker maak deur 'n prent van 'n bosbok in twee dele te knip sodat die leerders 'n visuele voorstelling het van die twee lettergrepe in die woord.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **o | li | fant, bos| bok**.
2. Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy "bos" moet sê. Die ander leerder moet "bok" sê.
3. Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord ("bosbok") te maak.
4. Vra nou die leerders: *"Sê 'bosbok' sonder om 'bos' te sê."* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde "bos" en "bok" te sê. Vra nou die leerder wat "bos" sê om stil te bly. Vra: *"Wat bly oor? Ja, 'bok'!"* Doen nou die aktiwiteit andersom: *"Wat is 'bosbok' sonder 'bok'?" (bos)*. Doen hierdie aktiwiteit ook met ander tweelettergrepige woorde.


## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 56 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n A4-bladsy wat in die helfte gevou is met 'n deur wat kan oopmaak wat jy in die middel van die voorste helfte geknip het.<br>**2** Verduidelik vir hulle dat hulle eers Bosbok se hut aan die buitekant moet versier en dan 'n dier binne die hut moet teken. Moedig hulle aan om 'n spraakborrel te maak en te "skryf" wat die dier sê. Vra of hulle wil hê jy moet dit namens hulle skryf.<br>**3** Maak 'n klasboek van al die verskillende bladsye. Die leerders kan tydens selfstandige lees-tyd daardeur lees. Hulle sal dit geniet om hulle eie en die ander leerders se stories te lees. |
| • **Handpop-legkaarte**<br>• Storie-handpoppe<br>• A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle eers die legkaarte se stukke volgens die kleur van elke dier moet sorteer. Dan moet hulle die stukke aanmekaar sit om 'n dier uit die storie te vorm. Wys vir hulle party liggaamsdele van die dier (slurp, pote, ore) en verduidelik dat hulle na die handpop moet kyk om te sien hoe die liggaamsdele inmekaar pas.<br>**2** Nadat hulle die dierelegkaarte voltooi het, kan hulle een dier kies om te teken. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n A5-bladsy vir elke leerder, oranje en geel verf, plastiekvurke, 'n swart merkpen of koki-pen<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n leeu se gesig gaan verf en 'n plastiekvurk gaan gebruik om die leeu se maanhare te maak. Hulle moet begin deur 'n geel sirkel te verf en dan moet hulle oranje verf om die geel sirkel verf. Hulle gebruik dan die vurk om die verf te versprei en maanhare vir die leeu te maak. Leerders wat gou klaar is, kan die leeu se lyf verf.<br> |
| • Rekwisiete: flitse; kussings; slaapsakke; 'n kamma-kampvuur met stompe en kleurpapier in oranje, geel en rooi om 'n vuur te maak; prente van verskillende dierespore om spore om die tent te maak; 'n kombers of lap om 'n tent te maak; 'n notaboek en potlood om die name van die dieregeluide wat hulle hoor terwyl hulle kamp neer te skryf | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het dat hulle in die aand in 'n wildreservaat gaan kamp.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 57 2021/11/28 22:38

# Zanele se storie

## Storie



Vandag se storie gaan oor Zanele Situ, wat graag sport vir haar land, Suid-Afrika, speel. Zanele beweeg rond en doen sport in 'n rolstoel, want sy kan nie meer loop nie. Zanele gaan nou vir julle haar storie vertel.

Hallo, my naam is Zanele. Ek is gebore in 'n klein dorpie met die naam Matatiele. Ek was 'n gelukkige jong meisie, maar toe ek elf jaar oud was, het my liggaam begin moeg en siek voel en eendag het ek agtergekom dat my bene nie meer wou loop nie. My mamma en pappa was baie bekommerd en ek was baie bang. Hulle het my hospitaal toe gevat.

Die dokters by die hospitaal het na my liggaam gekyk. Hulle het spesiale toetse gedoen om te kyk of hulle kon uitvind hoekom ek nie kon loop nie. Ek was baie moeg en het elke dag ure en ure lank geslaap. Ek moes drie jaar lank in die hospitaal bly!

Eendag het die dokters vir my mamma en pappa gesê: "Ons is baie jammer, maar Zanele het tuberkulose, of TB, in haar ruggraat. Sy sal nooit weer kan loop nie en sal in 'n rolstoel moet rondbeweeg."

Kan julle dink hoe dit voel om nooit weer te kan loop nie? Ek was so lief daarvoor om sport te doen. Wat sou ek nou doen? My mamma en pappa het my na 'n spesiale skool geneem waar daar baie ander kinders soos ek was. Dit was 'n baie besige skool en die onderwysers het ons gehelp om ons bes te doen. Ek het geleer om sport te speel, al was ek die heeltyd in 'n rolstoel. Ek het dit geniet om die swaar bal vir gewigstoot so ver as wat ek kon te gooi en om die plat diskus verder as enigiemand anders te gooi. Maar spiesgooi was my gunstelingsport en ek kon dit regtig goed doen.



Ek wou beter en beter word in die sport waarvoor ek so lief was. Ek het elke dag baie hard geoefen. Ek het aan kompetisies deelgeneem en baie medaljes en pryse gewen. Ek het besluit ek wil so goed raak dat ek aan die belangrikste sportkompetisie in die wêreld, die Paralimpiese Spele, kon deelneem.

En raai wat het gebeur? Ja, ná baie jare se hard werk, was ek gereed om aan die Paralimpiese Spele deel te neem! Ek het baie goed gedoen. Ek het 'n goue medalje gewen. Ek was baie gelukkig en baie trots.

Ek sê altyd: "Moenie bang wees om jou beste te doen nie en moet nooit moed opgee nie. Kyk net wat het met my gebeur!"

***Fluit-fluit, my storie is uit.***




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 58 2021/11/28 22:38

## Liedjie

Speel die Suid-Afrikaanse volkslied vir die leerders en laat hulle dit saam sing.

## Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **rolstoel** | **sport** | **oefen** | **medalje** | **trots** | **hospitaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | dokter | bekommerd | bang | moeg | toetse | loop |
| | prys | kompetisie | Paralimpiese Spele | beweeg | ruggraat | spesiale |





Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 59 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Storie: *Zanele se storie*
- Handpoppe: Zanele (as 'n jong meisie, 'n jong volwassene en 'n volwassene), 'n leë rolstoel, die dokter
- Rekwisiete: 'n medalje, 'n Suid-Afrikaanse vlag, 'n sneespapierhouer vir 'n bed
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Weet julle van enige bekende sportmans of sportvroue? Watter soorte sport doen hulle? Weet julle van enigiemand wat 'n medalje vir sport gewen het? Het julle al van die Olimpiese Spele of die Paralimpiese Spele gehoor?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle 'n medalje of 'n prent van iemand op 'n podium wat 'n medalje ontvang. Verduidelik dat medaljes pryse is wat mense in 'n kompetisie wen om te sien wie die beste in 'n sport is.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Hoekom dink julle was die skool vir Zanele so 'n spesiale plek? Hoe dink julle het sy gevoel toe die dokter vir haar sê dat sy vir die res van haar lewe in 'n rolstoel gaan wees?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"sport, rond, hospitaal, dokters, rolstoel, trots. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? Sp**o**rt, r**o**nd, h**o**spitaal, d**o**kters, r**o**lstoel, tr**o**ts. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**o**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is 'n paar woorde wat met /**o**/ begin: oppas, os, onder, optel, Oktober."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**o**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**o**/ te sê: "**o-o-o**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **o** ("oë"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 60 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- ’n Opname van die Suid-Afrikaanse volkslied en rekwisiete of prente vir die lied (’n prent van ’n Suid-Afrikaanse vlag of ’n regte vlag)



# Week 1 Dag 2


## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas. Dit is ’n spesiale lied en hulle moet regop staan en trots wees terwyl hulle dit sing.
4. Speel ’n opname van die volkslied en moedig die leerders aan om saam te sing.
5. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter

1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**o**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**o**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle ’n orangoetang is en “**o-o-o-o**” sê terwyl hulle hul arms langs hulle sye swaai.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **o** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, al in die rondte om, maak die sirkel toe.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.



## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 61 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat oranje is (vetkryt, speeldeeg, knope, papier, lap, blom, seep, albaster, ballon)



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Hoe het Zanele gevoel toe sy in die hospitaal was?"* (moeg en siek) *"Hoe het Zanele en haar ouers gevoel toe die dokters die toetse gedoen het?"* (bekommerd en bang) *"Hoe het Zanele gevoel toe sy 'n goue medalje gewen het?"* (gelukkig en trots)
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Bespreek elke voorwerp of prent, gesels oor die kleur en beklemtoon die woord "oranje" en die fokusklank /**o**/.
3. Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
4. Sê nou vir die leerders dat jy iets in die houer gaan beskryf en hulle moet raai wat dit is. Sit jou hand in die letterhouer en sê: *"Ek het iets wat oranje is en ek gebruik dit om my lyf te was (seep). Ek het iets wat oranje is en ek gebruik dit om my naam te skryf (vetkryt)."*
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 62 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met ’n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Vyf Olimpiese ringe gemaak van blikkies wat met kleurpapier oorgetrek is (Olimpiese kleure: swart, rooi, groen, geel, blou) met ’n vokaalletter en prentkaart op die voorkant van elke blikkie geplak

Stella sê:



*Hier is ’n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*


- *“Wie sien jy?” (karakters)*
- *“Wat doen hy/sy?” (werkwoorde en aksies)*
- *“Wat sien jy nog?” (kyk weer)*
- *“Waar is die …?” (benoem plekke/posisie)*
- *“Hoekom dink jy …?” (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die lied.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *“Is die prente in die regte volgorde?”*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *“Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?”*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra ’n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Gee vir elke leerder ’n prentkaart. Vra hulle om die prent te benoem en die woord stadig te sê. Die ander leerders moet die vokaalklank in die middel van die woord probeer identifiseer. Byvoorbeeld: Die woord “pan” het die vokaalklank /**a**/.
2. Nadat al die leerders ’n beurt gekry het om hulle prent te benoem en die vokaalklank te identifiseer, wys vir die leerders die Olimpiese ringe wat van blikkies gemaak is. Verduidelik dat hulle na die vokaal op elke blikkie moet kyk en moet besluit waar om hulle prentkaart te sit. Byvoorbeeld: As hulle ’n prent van ’n “pan” het, moet hulle dit in die blikkie met die /**a**/-klank sit.





## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 63 2021/11/28 22:38




**Jy benodig:**

- Speeldeeg of klei vir elke leerder om drie medaljes (goud, silwer en brons) te maak, konfytflesdeksel, strooitjie, verf (goud, silwer en brons), lint of tou
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met ’n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Sak of kussingsloop, voorwerpe gespel met ’n konsonant-vokaal-konsonant: pen, net, das, lap, tol, bal, gom

Stella sê:



*Die leerders sal dalk aanvanklik hiermee sukkel, aangesien dit moeilik is om die individuele klanke (foneme) in woorde te hoor.*

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Elke leerder kry ’n bal speeldeeg of klei. Verduidelik dat hulle medaljes daarmee gaan maak.

**2** Hulle moet begin deur die speeldeeg of klei plat te rol. Hulle kan die konfytflesdeksel gebruik om sirkels uit te sny en die strooitjie om ’n gat boaan die medalje te maak.

**3** Die medaljes kan in die son gelos word om droog te word, en dan kan die leerders die medaljes verf en die lint of tou deur die gate ryg.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe en foneme)

**1** Sit die prentkaarte of voorwerpe in ’n sak of kussingsloop.

**2** Begin die aktiwiteit deur jou hand in die sak te steek, iets te kies en dit vir die leerders te klank sodat hulle kan raai wat dit is. Byvoorbeeld: *“Ek het ’n p-e-n in my hand. Wat is dit?”*

**3** Die eerste leerder wat reg raai, kan met jou hulp die volgende kaart of voorwerp uit die sak kies vir jou om te klank.

**4** Nadat jy agt kaarte of voorwerpe uitgehaal het, plak die kaarte teen die muur of sit dit op die mat neer sodat die leerders dit kan sien. Vra dan: *“Ek soek die p-e-n om weg te pak. Wie kan dit vir my kry?”*

**5** Sit elke kaart of voorwerp terug in die sak. Vra dan vir die leerders of enigiemand iets wil kies en die klanke in die woord wil sê sodat die ander kan raai wat in sy/haar hand is.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 64 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte






*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.*

</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

1 Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2 Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3 Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.
4 Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5 Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.
6 Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.
7 As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.
8 Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9 Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- Letterprentkaarte, bypassende letters vir elke prent wat binne fles- of botteldeksels van verskillende groottes geskryf is
- Groot stuk karton met buitelyne van die deksels daarop geteken

</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

1 Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n deksel moet optel, die klank van die letter moet sê en dan moet kyk of hulle 'n prent met daardie klank in die bypassende sirkel op die kaart kan vind.
2 Wanneer hulle die bypassende prent gevind het, moet hulle die deksel oor die prent plaas totdat al die prente bedek is.



</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>



***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1 Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2 Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
3 Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
4 Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 65 2021/11/28 22:38

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • Olimpiese ringe uit karton of papierborde geknip, gom en skêre<br>• Kleurpapier (swart, rooi, groen, geel, blou) wat die leerders kan skeur en op die ringe kan plak<br><br>*Die Olimpiese ringe verteenwoordig die vyf vastelande van die wêreld: Europa, Asië, Afrika, die Amerikas en Oseanië.* | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n ring en 'n vel kleurpapier. Verduidelik dat hulle die papier moet skeur en dit op die Olimpiese ring moet plak.<br>**2** Wanneer hulle klaar is, kan hulle die ringe in die vyf kleure van die Olimpiese ringe sorteer en die ringsimbool teen die muur in die klaskamer plak.<br>  |
| • Rekwisiete: telefoon, kasregister, verskillende sporttoerusting, soos balle, klere, skoene, rakette/kolwe of hokkiestokke, sporttydskrifte (word dikwels gratis uitgegee), prente van sporttoerusting en -klere | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle gaan voorgee hulle werk by of besoek 'n sportwinkel en dat hulle sporttoerusting gaan verkoop of koop.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 66 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder
- 'n Fotokopie van die **Swart en wit opeenvolgende prente** vir elke leerder
- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder, skêre, gom

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Vra nou die leerders om die swart en wit prente uit te knip, hulle in die regte volgorde te rangskik en dan op 'n skoon bladsy te plak. Stap in die klas rond en help waar nodig. Hierdie aktiwiteit is nuttig om die leerders se vermoë om die hoofgebeure van die storie in die regte volgorde te plaas, te assesseer.
6. Nadat leerders hulle opeenvolgende prente voltooi het, gee vir elke leerder 'n klein boekie. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".
7. Die leerders kan die boekies of hulle opeenvolgende prente huis toe neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend



1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Zanele, bes, gewen, het, beste, met. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? Zan**e**e, b**e**s, gew**e**n, b**e**ste, m**e**t. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**e**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is 'n paar woorde wat met /**e**/ begin: emmer, engel, enkel, ensovoorts, effens, eksamen."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**e**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**e**/ te sê: "**e-e-e**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **e** ("ee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Zanele se storie*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite



### Gedeelde lees – Groot Boek

**1** Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.

**2** Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".

**3** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.

**4** Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.

**5** Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.

**6** Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".

### Vorm die letter

**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**e**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**e**/ begin.


**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle water met 'n emmer skep terwyl hulle "**e-e-e-emmer**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **e** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan reguit na regs, stop en gaan in die rondte om."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 68 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- 'n Opname van die lang Engelse weergawe van *Zanele se storie (Zanele's story)* gelees deur Sindiwe Magona (jy kan dit hier aflaai: https://youtubecom /watch?v=xio DlWKHFJs)
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van 'n pen, mes, pet, net, ken, ses, nes, nek, hek, bek, hen, bed

# Week 2 Dag 3


## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om in 'n kring te sit en hulle oë toe te maak en mooi te luister na die geluide om hulle. Sê vir die leerders hulle moet hulle ore vryf om hulle gereed te maak om goed te luister.
2. Verduidelik dat jy vir hulle 'n opname van 'n lang weergawe van *Zanele se storie* in Engels gaan speel. Hulle moet goed luister en kyk hoeveel hulle kan onthou uit die storie wat jy vir hulle vertel het.
3. Speel die opname en prys die leerders omdat hulle mooi geluister het.
4. Wanneer die storie klaar is, vra die leerders waarvan hulle die meeste in die lang weergawe van die storie gehou het.
5. Sê vir die leerders dat hulle hul ouers kan vra om die storie tuis af te laai om daarna te luister.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent, sê die woord stadig en beklemtoon die /**e**/-klank. Verduidelik vir die leerders dat hulle vir die /**e**/-klank in die middel van die woord moet luister.
2. Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
3. Kies 'n voorwerp of prent uit die letterhouer sonder om dit vir die leerders te wys. Sê die woord baie stadig en beklemtoon die middelklank (mmm-e-e-e-sss). Vra die leerders om te raai wat jy sê.
4. Gee vir party leerders 'n voorwerp of prent uit die houer sonder om dit vir die ander leerders te wys. Hulle moet die woord baie stadig sê en kyk of die ander leerders kan raai wat hulle sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 69 2021/11/28 22:38





**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met 'n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Vyf Olimpiese ringe gemaak van blikkies wat met kleurpapier oorgetrek is (Olimpiese kleure: swart, rooi, groen, geel, blou) met 'n vokaalletter en prentkaart op die voorkant van elke blikkie geplak

Stella sê:



*As daar leerders van ander lande in jou klas is, kan jy hulle vra of hulle 'n landsvlag het wat hulle klas toe kan bring, of jy kan 'n prent van die vlag vind om vir die ander leerders in die klas te wys.*






# Week 2 Dag 4


## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders of hulle die prent op hulle **Lees en doen-aktiwiteitsblad** herken. Dit is 'n prent van die Suid-Afrikaanse vlag en hulle gaan dit inkleur. Vra die leerders om na die tabel onderaan die bladsy te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Herinner die leerders dat hulle elke blokkie gaan "lees" en dan moet doen wat dit sê.
3. Hierdie is 'n aktiwiteit waar die leerders volgens getalle moet inkleur. Lees die eerste blokkie saam met die leerders en vra hulle om die sirkel swart in te kleur. Kyk dan na die tweede blokkie en laat hulle die sirkel geel inkleur. Kyk saam met die leerders na al die ander blokkies en vra hulle om die sirkels in te kleur. Wanneer hulle klaar is daarmee, verduidelik dat hulle met swart moet inkleur waar hulle die getal 1 op die vlag sien en met geel waar hulle die getal 2 sien. Die leerders moet so voortgaan totdat die hele vlag ingekleur is.
4. Stap rond terwyl die leerders werk en help waar nodig.
5. Herinner die leerders om die tabel te kontroleer wanneer hulle klaar "gelees" en ingekleur het, en om 'n regmerkie langs elke blokkie te maak wanneer hulle daardie taak voltooi het.









### Luister vir fokusklanke

1. Gee vir elke leerder 'n prentkaart. Vra hulle om die prent te benoem en die woord stadig te sê. Die ander leerders moet die vokaalklank in die middel van die woord probeer identifiseer. Byvoorbeeld: Die woord "pan" het die vokaalklank /**a**/.
2. Nadat al die leerders 'n beurt gekry het om hulle prent te benoem en die vokaalklank te identifiseer, wys vir die leerders die Olimpiese ringe wat van blikkies gemaak is. Verduidelik dat hulle na die vokaal op elke blikkie moet kyk en moet besluit waar om hulle prentkaart te sit. Byvoorbeeld: As hulle 'n prent van 'n "pan" het, moet hulle dit in die blikkie met die /**a**/-klank sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 70 2021/11/28 22:38

**Jy benodig:**

- 'n Vel blaaibordpapier, merkpen of 'n dik koki-pen
- Prente of video-uittreksels van mense wat verskillende soorte sport doen
- Groot vetkryte
- Prentkaarte – middelklanke (prentkaarte met woorde wat met 'n konsonant-vokaal-konsonant gespel word)
- Sak of kussingsloop, voorwerpe gespel met 'n konsonant-vokaal-konsonant: pen, net, das, lap, tol, bal, gom

Stella sê:



*Die leerders sal dalk aanvanklik hiermee sukkel, aangesien dit moeilik is om die individuele klanke (foneme) in woorde te hoor.*

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Wys vir die leerders prente of video-uittreksels van mense wat verskillende soorte sport doen. Vra hulle na watter soorte sport hulle graag kyk of watter soort sport hulle graag sal wil leer speel.
2. Gesels oor 'n sportkompetisie wat by julle skool aangebied kan word. Bespreek watter soort sport die leerders kan doen en wat hulle vir die kompetisie sal benodig. Hier is 'n paar idees: gooi boontjiesakkies in 'n emmer, stap oor 'n plank, kyk wie die verste kan spring.
3. Vra die leerders om jou te help om 'n uitnodiging aan die skoolhoof te skryf om die kompetisie by te woon en die medaljes te oorhandig. Gesels oor hoe 'n mens 'n brief of uitnodiging begin: "Liewe ... Kom woon asseblief ons sportkompetisie by." Bespreek wat julle op die uitnodiging moet skryf: naam van die geleentheid, datum, tyd en plek.
4. Kies twee leerders om die brief af te lewer en vra die hoof om terug te skryf. Lees sy/haar antwoord vir die klas.
5. Reël die sportdag en vra die hoof om aan elke leerder 'n medalje te oorhandig. (Jy kan die speeldeeg-medaljes gebruik wat die leerders gemaak het.)

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe en foneme)

1. Sit die prentkaarte of voorwerpe in 'n sak of kussingsloop.
2. Begin die aktiwiteit deur jou hand in die sak te steek, iets te kies en dit vir die leerders te klank sodat hulle kan raai wat dit is. Byvoorbeeld: *"Ek het 'n p-e-n in my hand. Wat is dit?"*
3. Die eerste leerder wat reg raai, kan met jou hulp die volgende kaart of voorwerp uit die sak kies vir jou om te klank.
4. Nadat jy agt kaarte of voorwerpe uitgehaal het, plak die kaarte teen die muur of sit dit op die mat neer sodat die leerders dit kan sien. Vra dan: *"Ek soek die p-e-n om weg te pak. Wie kan dit vir my kry?"*
5. Sit elke kaart of voorwerp terug in die sak. Vra dan vir die leerders of enigiemand iets wil kies en die klanke in die woord wil sê sodat die ander kan raai wat in sy/haar hand is.



## Kleingroep-aktiwiteite



Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 71 2021/11/28 22:38

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br>• Prente van verskillende sportsoorte om te bespreek (of video-uittreksels, indien moontlik), byvoorbeeld: gimnastiek, swem, sokker, rugby, hokkie, spiesgooi, fietsry, naelloop, perdry, tennis | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Die leerders moet na die prente van verskillende sportsoorte kyk en besluit watter sport hulle graag wil leer speel.<br>**2** Hulle moet 'n prent van hulself teken wat die sport doen en probeer om die naam van die sport boaan die prent te skryf.<br> |
| • Letterprentkaarte, bypassende letters vir elke prent wat binne fles- of botteldeksels van verskillende groottes geskryf is<br>• Groot stuk karton met buitelyne van die deksels daarop geteken | ***Aktiwiteit 2: Legkaarte en speletjies***<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n deksel moet optel, die klank van die letter moet sê en dan moet kyk of hulle 'n prent met daardie klank in die bypassende sirkel op die kaart kan vind.<br>**2** Wanneer hulle die bypassende prent gevind het, moet hulle die deksel oor die prent plaas totdat al die prente bedek is.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Olimpiese ringe uit karton geknip, gom en skêre, wol in die kleure van die Olimpiese ringe | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder in die eerste groep 'n ring en verduidelik dat hulle die wol deur die gat in die middel en om die ring moet ryg. Hulle moet so voortgaan totdat die tyd vir kleingroep-aktiwiteite verstreke is. Die volgende dag ryg die leerders in die volgende groep die wol om dieselfde ringe.<br>**2** Rangskik aan die einde van die week die voltooide ringe in die Olimpiese simbool en plak dit teen die muur in die klaskamer.<br>  |
| • Rekwisiete: telefoon, kasregister, verskillende sporttoerusting, soos balle, klere, skoene, rakette/kolwe of hokkiestokke, sporttydskrifte (word dikwels gratis uitgegee), prente van sporttoerusting en -klere | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het hulle werk by of besoek 'n sportwinkel om sporttoerusting en -klere te verkoop of te koop.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |

# Notas



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 74 2021/11/28 22:38

# ★ Kwartaal 4: Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys)

| | Luister en praat | | | | | Klanke, Lees en kyk | | | | | | | Handskrif en Ontluikende skryf | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ✓ Bereik<br>• Byna bereik<br>× Nog nie bereik nie | Luister na 'n komplekse reeks instruksies en voer dit uit. | Luister na langer stories en toon begrip deur vrae te beantwoord wat betrekking het op die storie. | Sing liedjies en sê rympies en voer bewegings met selfvertroue op hulle eie uit. | Vra vrae en vra vir verduidelikings of soek in boeke na verduidelikings. | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille. | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe. | Verbind klanke met letters en woorde en verstaan dat woorde uit meer as een klank bestaan – doen mondelings. | Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier. Bespreek die korrekte hantering en versorging van boeke. | Dramatiseer 'n storie, liedjie of rympie. | Begin om hoëfrekwensie woorde te "lees" wat hulle in die klaskamer, by die skool en in die gemeenskap sien. | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek of klaskamer se leeshoekie, blaai korrek en toon respek vir boeke. | Neem met toenemende selfvertroue en genot deel aan die gedeelde lees van tekste. | Ontwikkel fynmotoriese beheer deur 'n skêr te gebruik om duidelik omlynde prente, vorms ens. uit te knip. | Hou vetkryte in 'n aanvaarbare potloodgreep vas, toon aan watter hand dominant is (links of regs) en neem 'n korrekte sithouding in tydens skryf. | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting. | Dra idees en sinne by tot 'n klasskryfstuk: leerder dikteer terwyl die onderwyser dit neerskryf. | Teken prente om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryfwerk. | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken. | Rolspeel skryf in speelsituasies: "skryf" groetekaartjies, briewe, ens. Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies. |
| **Datum** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Name** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 75 2021/11/28 22:38

# ★ Kwartaal 4: Luister en praat Rubriek 1 en 2

| Asesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde** | Kan nie stories vertel en oorvertel nie; kan net 'n paar woorde sê. | Beperkte oorvertelling; noem slegs enkele gebeure; volgorde moontlik nie korrek nie; gebruik kort sinne en eenvoudige woordeskat. | Kan die meeste gebeure in die storie oorvertel, met 'n begin, middel en einde, maar met baie min besonderhede; benodig aanmoediging, soos: "en toe …"; "wat het volgende gebeur?"; begin langer sinne gebruik. | Storie volg 'n logiese volgorde en het 'n begin, middel en einde; karakters en agtergrond is in besonderhede beskryf; menings en gevoelens van karakters is beskryf; gebruik langer en ingewikkelder sinne en voeg woorde bymekaar, soos "en toe"; "daarna het"; gebruik nuwe woordeskat uit die storie. |
| 2 **Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is** | Kan nie 'n stel kaarte in die korrekte volgorde rangskik nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde, maar kan nie die storie vertel nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n eenvoudige storie vertel. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n storie met toepaslike besonderhede vertel. |

# Kwartaal 4: Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel** | Kan 0–5 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 6–9 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 10–17 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 18 of meer letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. |
| 2 **Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde** | Herken nie dat woorde uit klanke bestaan nie; kan nie die beginklank van eie naam of ander woorde gee nie. | Kan beginklank van eie naam gee, maar sukkel om beginklanke vir ander woorde te gee. | Kan beginklank van eie naam gee; kan beginklanke van party ander woorde gee. | Kan konsekwent beginklank van eie naam en ander woorde gee. |
| 3 **Maak eie storie op deur die prente te "lees"** | Kan nie prente gebruik om te voorspel waaroor storie handel nie; beskryf prente met gebruik van baie beperkte taal. | Gebruik prente om die storie te voorspel en te beskryf, maar benodig hulp. | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; gebruik moontlik 'n "leesstem". | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil; gebruik 'n "leesstem"; wys na woorde wanneer hy/sy "lees". |

# ★ Kwartaal 4: Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede** | Sukkel om fynmotoriese aktiwiteite te voltooi; vermy take of raak gefrustreerd. | Kan sommige fynmotoriese aktiwiteite voltooi, maar neem tyd; werk onakkuraat. | Kan die meeste fynmotoriese aktiwiteite voltooi; raak meer akkuraat en werk doeltreffender. | Voltooi fynmotoriese aktiwiteite met selfvertroue, akkuraatheid en gemak. |
| 2 **Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee** | Tekening is onherkenbaar of bevat slegs krabbels of sirkels met lyne. | Tekening is herkenbaar, maar hou nie met die storie, liedjie of rympie verband nie. | Teken 'n kleurvolle prent wat met 'n storie verband hou; tekeninge van hoofkarakters bevat sommige van die volgende: bene, arms, hande, voete, oë, neus, mond, ore. | Teken 'n kleurvolle, gedetailleerde prent wat met 'n storie verband hou; sluit hoofkarakter met besonderhede soos klere in. |
| 3 **Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels** | Kan nie idees voorstel deur te teken of te skryf nie. | Stel idees voor deur te teken, maar geen bewyse van voorgee-skrif of krabbels nie. | Verstaan dat skryf en teken verskil: gee voor om te skryf deur krabbels te gebruik. | Verstaan dat skryf en teken verskil en begin om te "skryf" deur 'n mengsel van nagebootste letters en krabbels te gebruik; boots moontlik letters en getalle in die klaskameromgewing in eie skryfpogings na. |

# ★ Hoe om speeldeeg te maak



## Jy benodig

- ★ 1 koppie meel
- ★ ¼ koppie sout
- ★ ½ koppie warm water
- ★ 5 druppels koskleursel

## Stappe

1. Meng die meel en sout.
2. Meng 'n ½ koppie warm water en 'n paar druppels koskleursel.
3. Gooi die water stadig in die meelmengsel en roer terwyl jy dit ingooi. Roer tot dit goed gemeng is, en knie dit dan met jou hande totdat dit 'n deeg vorm. As die deeg te taai is, kan jy nog meel bygooi.
4. Herhaal hierdie stappe met verskillende kleure koskleursel.




*Maak die speeldeeg 'n bietjie warm deur dit in jou hande te druk. Dit is 'n goeie oefening vir kinders se handspiere. Bêre die speeldeeg in plastieksakke om dit vars te hou en hou dit in die yskas, indien moontlik, of in 'n koel plek.*


# ★ Hoe om 'n klein boekie te maak

## Stappe


1. Maak fotokopieë van die klein boekie wat jy benodig.




2. Met die prente na bo, vou die bladsy in agt dele. Vou dit weer oop.




3. Vou die bladsy in die helfte, in die middel af.




4. Knip op die middelste vou, soos aangedui in die illustrasie hiernaas en die stippellyne op die klein boekies.




5. Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.





6. Bring jou hande af en bymekaar.





7. Maak 'n biblioteek vir die klein boekies deur almal in 'n klein houer te bêre – 'n jellieboksie werk baie goed!























Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 83 2021/11/28 22:38

Hierdie boek
behoort aan:

..............................................

# Dina en haar diere



Wordworks
Changing lives through literacy


African Storybook.org




1




2



3



4



5



6

Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 84
2021/11/28 22:38

Hierdie boek behoort aan:


.............................................

# Thato en sy kleuterskool



Wordworks
Changing lives through literacy

African Storybook.org




1




2


3



4



5



6



Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 85
2021/11/28 22:38

Bosbok se besoeker



Hierdie boek behoort aan:

..........................................

1



2



3



4



5



6




Hierdie boek
behoort aan:

..........................................


# Zanele se storie



Wordworks
Changing lives through literacy
book dash




1




2


3



4




5



6





**Dina en haar diere:** *Swart en wit opeenvolgende prente*



















| | | |
|---|---|---|
| 2 | | maats |
| 3 | | voëls |
| 1 | | hoed |
| 1 | | swaai |
| 2 | | hoenders |





**Dina en haar diere:** *Voëlvorm-aktiwiteitsblad*





***Thato en sy kleuterskool:*** *Olifant-aktiwiteitsblad*





|  en  en  |  en  en  |
|---|---|
| 5 herbivore   | 5 karnivore  |


Activity Guide Term 4_AFRIKAANS.indd 93 2021/11/28 22:39



























***Thato en sy kleuterskool:*** *Swart en wit opeenvolgende prente*
















1 son

3 wolke


1 rivier

1 olifant


1 bosbok

1 leeu


***Bosbok se besoeker:*** *Swart en wit opeenvolgende prente*

















| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 swart ◯ | 2 geel ◯ | 3 groen ◯ | 4 rooi ◯ | 5 blou ◯ |

**Zanele se storie:** *Swart en wit opeenvolgende prente*

